

HOOFSTUK I.
**DIE OORPLANTING VAN DIE HOLLANDSE KULTUUR
NA SUID-AFRIKA.**

„Er komen in de journalen der oude noord-nederlandsche zeevaarders honderd plaatsen voor, teekenachtig of karaktervol, beiden; en het is mij somtijds toegeschenen, dat onze zamenstellers van nederlandsche litteratuurgeschiednissen en bloemlezingen daarop nog te weinig gelet hebben. Het gaan mededoen der Hollanders aan de groote vaart is niet alleen eene dagtekening geweest in de jaarboeken van hun handel, hun scheepsbouw, hunne zeemanschap, maar ook in de lotgevallen hunner letteren en hunner taal.”

BUSKEN HUET: *Het Land van Rembrandt*,
1e helft, H. II, 5 (p. 243).

**1. DIE JOERNALE 'N DAGTEKENING IN DIE LOTGEVALLE
VAN ONS TAAL, LETTERE EN HELE KULTUUR.**

Die Nederlandse volk as 'n groot selfstandige onafhanklike eenheid het sy beslag onder WILLEM VAN ORANJE gekry. Die Afrikaanse wag nog op 'n „vader des vaderlands”. Die moment van oorplanting van die Hollandse beskawing na Suid-Afrika in 1652 het uitgeloop op twee volke, elkeen met sy eie geskiedenis, sy eie tradisies, sy eie taal en literatuur maar so nou is die verwantskap dat die Afrikaanse digter JAN CELLIERS in die besef waar ons volk sy oorsprong het, by die vierhonderdjarige viering van die geboortedag van die groot Swyger uitgeroep het:

O beeld van outyds grootse stryter
Oranjevors en Volksbevryer
Jou gees is altyd nog ons leier
Ons bly getrou!

Daardie gees word duidelik weerspieël in die geskifte van litêre en algemeen kulturele aard wat op die Afrikaanse bodem ontstaan het of hul nou al in die ouer of jonger vorm van die Hollandse taal gestel is.

Ons geskiedenis begin byna in die middeleeue as ons BARTHOLOMEUS DIAZ en VASCO DA GAMA as uitgangspunt neem en aan die begin van die tweede helfte van die Hollandse goue eeu as ons die ontstaan van ons tydperk met die eintlike neersetting dateer. Maar vreemd genoeg, deur 'n sameloop van allerlei omstandighede, waarin die staatkundige ontwikkelinge seker die vernaamste rol speel, het ons tot dusver vry algemeen aangeneem, dat literatuur in Suid-Afrika eers in die derde kwart van die 19e eeu ontluk het met die opkoms van die Afrikaanse. En om aan te toon dat die nuwe taal en die nuwe letterkunde nie somar uit die hemel kom val het nie, het die taalkundiges alle spore van die ontstaan van Afrikaans, die letterkundiges alle stukkies en brokkies Afrikaans uit ou reisbeskrywings, dagboeke, samesprake en verse met voorbeeldige ywer nagegaan. Dit is bekende feite dat die eerste koloniste hoofsaaklik uit die Provinsie Holland gekom het en dat die Hollandse streeksprake wat hulle hier gebring het, duidelik terug te vind is in die Afrikaanse woordeskat en idioom; ook is dit bekend in watter dagboeke, reisbeskrywings en verse Afrikaanse vorme en sinwendinge die vroegste gebesig word,¹⁾ maar die dagregisters en joernale is opsigself al 'n dagtekening in die lotgevalle van ons taal, lettere en hele kultuur. Die *Artyckel-Brief* vir die dienare van die *Generale Vereenigde Nederlantse g'octroyeerde Oost Indiese Compagnie*, wat met klein wysiginge in 'n paar artikels in die jare 1601, 1634, 1658, 1672 en 1742 afgekondig is deur die Bewindhebbers, het 'n gebod bevat wat van groot betekenis is vir die nageslag wat sy beskawingsgeskiedenis, oudste verhalende prosa en eerste verskuns wil nagaan. Dit lui as volg:

XCI. „Sal mede een iegelijck gebonden zijn 'alle Journalen, Kaerten, Schriften, ofte aenteeckeninge van

¹⁾ Vgl. Prof. J. J. SMITH: *Die opkoms van Afrikaans, Die Kerkbode*, 23 Aug. 1933.

Rheden, Stroomen, Havens, Kapen, Hemels-teeckenen, Kourssen, mitsgaders alle appendentie van de zeevaart op dese voyagie gemaect, geannoteert ghescreven, ofte verkregen, getrouwelijck over te geven in handen van den Gouverneur Generaal, oft de Bewinthebberen alhier, het zij datse daertoe versocht werden, ofte niet; op de verbeurte van drie maenden gagie, ende vordere correcti nae gelegentheyt." ¹⁾

Die joernale is dus op gesag gehou, is offisiële geskifte, bronne vir die geskiedskrywer, maar daar kom onsterflike stukke in voor want die skrywers is mense van gelyke beweging as ons met al die roersele van die menslike hart gewees. Die ewig menslike wat daar uit die oudste registers nog presies so roerend spreek as of hul in ons eie tyd geskrywe is, die tragiese wat daar soms agter die eenvoudigste mededeling skuil, die fris humor uit 'n terloopse opmerking behoort onteenseglik tot die gebied van die letterkunde. Ons kan hul bestudeer om 'n getroue beeld van die gang van sake te kry, om die uitbreiding van die stigting na te gaan, vir die topografie, die hydrografie en die kartografie van Suid-Afrika maar ook om hulself en om diegene te leer ken wat hul gepe het. Maar al te dikwels was dit aanvanklik die ondernemingsgees van „kleine luyden” van die „groote Compagnie” wat aanleiding gegee het tot die interessantste leesstof in die Dagregister wat op die sekretarie gehou is. ²⁾

2. DIE DAGREGISTER VAN JAN VAN RIEBEECK.

By sy vertrek uit Texel, 24 Desember 1651, het JAN VAN RIEBEECK dadelik 'n aanvang met sy Dagverhaal gemaak en met sy aankoms aan Cabo de Bona Esperance, 6 April 1652,

¹⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika*, (Amst. 1912) druk 'n opsomming van die Artikelbrief af as bylaag. Ek het 'n eksemplaar uit die Rijksargief, 's-Gravenhage gebruik, uitgegee „Tot Middelburgh, Gedrukt bij Pieter van Goethem, Ordinairis Stadsdrukker. Anno 1669.

²⁾ Vgl. Inleiding deur R. POSTHUMUS MEYJES in GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd* Dl. III ('s-Gravenhage 1922).

het die Hollandse taal 'n vaste nuwe bodem gekry. Oor die voortplanting van die Hollandse taal in die Suidhoek is alreeds gepraat in 'n Remonstransie, onderteken 26 Julie 1649 deur LEENDERT JANSZ. en N. PROOT, waarin aangetoon word, dat onder die voordeel en profyt wat die Oos-Indiese-Kompanjie sou kan trek deur 'n fort en 'n tuin aan die Kaap te maak, ook moet genoem word dat die inwoners „metter tijd de Nederlantse spraecke leeren, ende d'inwoonders van de bajj Saldania en de binnentslants, door haer wel tot eenige handeligh cunnen gebracht worden.”¹⁾ JAN VAN RIEBEECK, die optimis, die man van grootse planne, het g'n oomblik aan hierdie moontlikheid getwyfel nie in die lig van die ervaring wat hij in 1648 opgedoen het, toe die retoervloot drie weke aan die Kaap vertoef het om die goed van die verongelukte skip Haarlem aan boord te help versorg. Hy het in der tyd 'n bevestiging van hierdie nog enigszins twijfelagtige uitspraak van JANSZ en PROOT aan die bewindhebbers, Here XVII, gerig waarin sy eienaardige seventiende-eeuse vermenging van godsienssin en handelsgees van die ideële en die materiële en van egoïsme en altruïsme, van 'n ontwakende Renaissance, liefde tot eie taal, ons 'n insig gee in die geesteshouding van ons voorvaders in die algemeen en van ons eerste Dagboekskrywer in besonder. In 'n lang-aseem sin, tipies vir die 17de eeuse offisiële styl, druk hy sy oortuiging as volg uit:

„Wat aangaet 't geene Sr. LEENDERT JANSZ. schrijft van dat d'Inwoonders ofte hunne kinderen onse Nederlandse tale souden cunnen leeren, is considerabel, ende niet min een goede saecke, maer ingevolge noch beter de voortplantinge onser gereformeerde Christelijcke religie daer denselven meede hope toe schijnt te hebben ende in welcke saecke een goet leeraer de beste dienst soude cunnen doen, als UEd: haer die oncosten gelieffden te getroosten, stont het selve oock te strecken tot meerder stichtinge van UEd: aldaer te leggen dienaeren, edoch wat UEd: indesen ofte meer andere saecken sullen gelieven te doen ofte ordonneren, hebben ons (in UEd: loffwaardige dienst op ons eerbiedigh versoeck aangenomen wordende)

¹⁾ Bylaag tot GODÉE MOLSBERGEN: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika. Jan van Riebeeck.*

met alle mogelijcken vlijt ende naerstigheijt na te reguleren, waar toe willen hopen ende Godt almachtigh bidden, hij ons alsdan met voorsichtigheijt ende verstant soodanigh wil begenadigen dat bequaem mogen sijn Ued: saecken aldaer ten meesten dienste ende profijte van d'Ed. Comp.e uijt te voeren, ten sijnde UEd: in alles genoeghen ende occasie mogen becomeen, omme bij tijt ende wijle op ons verder advancement te dencken." ¹⁾

Dit is nie die taal van suiwer vroomheid nie, dit is die taal van die eeu wat hier gebesig word, ²⁾ dit is nie die gesproke taal nie, dit is die geykte vorm van die sewentiende eeuse stadhuistaal. In die tien jaar voor die Bewindhebbers oor die „verder advancement" van die stigter van Hollands Suid-Afrika gedink het, het verskeie inwoners die „Nederlantse tale" aangeleer en hul stempel van ander nasionaliteite en stamme daarop afgedruk en so goed of so sleg as dit gegaan het hul ondervindinge opgeteken wat by die fort geredigeer is voor 'n kopie na die verskillende kamers veral Zeeland en Amsterdam in Nederland kon gestuur word.

Van die eerste dag wat die leier voet aan wal gesit het met sy klein klompie mense was daar stof genoeg vir die diepste literêre ontboeseming en het die romantiese in die aard van die kommandeur so iets nie uitgesluit nie, maar sy Dagboek moes volgens Art. XCI 'n amptelike verslag wees tot in die kleinste besonderhede om Here XVII 'n getroue beeld te gee van wat daar in die eerste avontuurlike jare van die stigting plaasvind. Die eerste kenmerkende verdienste van die *Dagverhaal van Jan van Riebeeck* ³⁾ is dan ook die toon van egtheid

¹⁾ Bylaag tot GODÉE MOLSBERGEN: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika*.

²⁾ Vgl. BUSKEN HUET: *Het Land van Rembrandt* II, I p. 89. MATLEY: *Barneveld* I p. 387 veroordeel juis die tipeise in die 17e eeuse prosastyl met die woorde: „To mix habitually the solemn phraseology which men love to reserve for their highest and most sacred needs with the familiar slang of politics and trade seems to our generation not a very desirable proceeding."

³⁾ Die *Dagverhaal* is drie maal uitgegee.

(a) April 1652—end 1658 in die *Ned. Z.A. Tijds.* 1824—1840.

(b) Desember 1651—Mei 1662 deur prof. W. G. BRILL in Werken van

en waarheid wat daaruit opklink. Sonder enige geleerdheids-vertoning of jag op styleffekte, kom daar gedeeltes in voor „die in hun eenvoud en waarheid-van-voorstelling van onverwoestbare schoonheid zijn.”¹⁾ Die berigte oor wind en weer wat telkens terugkeer, was van lewensbelang vir die reisigers in die gevaarlike tye van seilbote en onbekende kuste maar verhoog nou slegs die dorheid van die rapportstyl en die besondere, interessante berigte gaan ook dikwels mank aan 'n gebrekkige styl. In die verskeidenheid en rykdom van inligting is dit die suiwer anekdotiese en avontuurlike element wat die aantreklikste is, maar ook die minder boeiende gedeeltes het hul kultuurhistoriese waarde. Hoe gebrekkig ook al dikwels die styl, hoe vervelend ook al sommige altyd terugkerende mededeling en opmerkings, die Dagverhaal is die belangrikste en boeiendste penneproduksie uit die Hollandse tyd vir wie hom rekenskap van ons verlede wil gee. Eers volg ons dag na dag die liggaamlike lye van die bemanning wat totaal verswak is deur die lang seereis waarop verskeie die hoof gebuig het onder al die moeite en verdriet, en nou worstel teen wind en weer aan die Kaap van Storms. Hul sterf weg by gebrek aan goeie voedsel, maar met 'n soort van fatalistiese deursettingsvermoë, bly die oorlewendes deurwerk aan die optrek van die fort en aan die beplanting van die grond.

Dan volg teleurstelling op teleurstelling en agter die eenvoudigste opmerking lê soms 'n wêreld van tragiese geestelike lye. In een slag vernietig die elemente wat die menslike hand

het Historisch Genootschap van Utrecht Nos. 39 (1884), 58 (1892), 59 (1893).

(c) deels saamgevatte, deels vertaalde uitgawe in Engels deur H. C. V. LEIBBRANDT, *Precis of the Archives* 3 dele, Kaapstad 1897, Van Riebeeck's Journal.

In *Die Burgerleeskring*, No. 4: „uit ou Reisbeskrywinge, Dagverhale en ander letterkundige bronne oor die Kaap” p. 86 en vlg. (1922) gee Dr. W. BLOMMAERT en Ds. S. F. N. GIE 'n interessante uittreksel.

¹⁾ Dr. G. BESSELAAR: *Zuid-Afrika in de Letterkunde* p. 35. Oor die taal van die *Dagboek* vgl. Prof. A. FRANCKEN: „iets over 't Dagverhaal van de Kommandeur JAN VAN RIEBEEK”, *De Vriend*, 28 Julie 1904, *De Unie* Sept. 1905.

tot stand gebring het: „Het weder wat bedaard zijnde, bevonden alle onzen zwaren arbeid, in den nieuwen tuin gedaan, ten eenenmale ondergelopen, en al ons gezaaide verdrongen en bedorven, tot zeer groot verdriet om aan te zien, alzoo wij verscheide akkertjens met tarwe, garst, erwten, kool en andere land- en tuinvruchten bezaaid en beplant hadden, van welke sommige al zoo schoon stonden, dat een vermaak was om te aanschouwen.”

En as dit ware om die honger nog te verskerp en die waaghalse te straf en te terg, „zagen de herten en elanden omtrent even buiten kanonschot van ons fort in redelijke abundantie weiden en lopen, maar zijn zoo wild, dat men ze niet genaken kan, hetwelk ons zeer verdrietig valt.” Eindelijk breek die dag aan, wanneer met vreugde opgeteken word, dat die grootste gevaar vir verhongering gewyk is, want die eerste wortels, mooier en kosbaarder dan stafies rooi goud, so dik „als een pink”, het op die tafel van die kommandeur gepryk!

Die biografieë van beroemde en berugte „wilden” wat in die dagboek opgesluit lê, hoort tot die stukke wat blywende waarde het. In HERRY en EVA en SOUSOA onder andere is 'n paar figure geteken wat uit 'n grys verlede altyd weer jong en fris uit die Dagboek opstyg.¹⁾

Die stam waarmee hul die eerste in aanraking gekom het, het die naam Goringhaikonas gedra en die Hottentot naam van die kaptein word deur VAN RIEBEECK opgegee as AUTOEHAMAQ. Dit was nogal 'n mondvol vir die Hollanders wat met spreekwoordelike nugterheid die stamnaam omgedoop het in Strandlopers of Watermens, „omdat van mosselen leven, die uijt clippen halen ende eenige worteltjens uijt d' aerde, sonder vee altoos te hebben.” Die aanvoerder het met die Engelse na Bantam meegegaan nog voor die aankoms van die neerseters van wie hy sy Engelse naam HERRY ontvang het en by wie hy gebroke Engels geleer het en later

¹⁾ Oor Herry en Eva, vgl. D. B. BOSMAN: *Uit die Biografie van 'n Hottentot*, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* X, 1931—32.

GODÉE MOLSBERGEN: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika*.

Deselfde: *Reizen in Zuid-Afrika* I.

Deselfde: *Tijdens de O.-I. Compagnie*.

'n paar woordjies Hollands van die matrose van die gestrande „Haarlem”. Gevolglik het VAN RIEBEECK „HERRY, den Hottentoo die wat gebroken Engelsch spreek” as tolk gebruik maar dit moes bitter moeilik gegaan het om mekaar te verstaan, daar die kommandeur, die man wat in sy Dagboek die naam van 'n Engelse skip „Eagle” met „Egel” vertaal, en dan verbaas staan dat die wapen so veel op 'n arend lyk, se kennis van die vreemde taal ook heelwat te wense oorgelaat het. Gereelde „buikvullinge” en arak en 'n pyp tabak maak die stramste tong los van wie kennis gemaak het met die Europese genietinge en hul kon onderhandel, maar HENRY het klaarblyklik sy eie belange bo die van die vreemdelinge gestel met die gevolg dat hy gou aanleiding tot ontevredenheid gegee het. Eers moes daar ses moeilike maande van ontbering en teleurstelling verbygaan voor die Saldaniers (so genoem omdat die mening geheers het dat hul uit die buurt van Saldanhabaai kom) met vee opdaag en dan begin HERRY sy streke uithaal „ende voor makelaerdij schijnt te pretenderen.” Hy tree op as tolk en raadsman vir die kopers maar agter hul rug om ook vir die verkopers, anders sou die volkie wat hul aanvanklik so „zeer minnelijk en fraai bejegend (had) dat het wonder was” nie later so oorlams kon gewees het nie. Hul moet getrakteer word en pers hoe langer hoe meer presente af, deur 'n listige verhaal op te hang dat die Engelse, aartsvyande van die nuwe vreemdelinge, sakke vol brood, hele kanne arak en wyn en handevol tabak kwistig uitgedeel het.

Dit duur op hierdie manier maande, voor die Kompanjie 'n klein klompie skape en beeste besit, en dan op 'n Sondagmôre, 19 November 1653 terwyl die sieketrooster die gebruikelike godsdiensoefeninge hou en 'n spesiale dankgebed vir die geboorte van VAN RIEBEECK se seuntjie opstuur in die Fort, verdwyn HERRY en sy hele stam soos 'n groot speld en voer al die kompanjie se beeste mee. Die beeswagttertjie „bij den staert van den Leeuwenberg vermoort lagh.”

Nou is VAN RIEBEECK tog rasend, maar al sy dreigemente en intimidasies, sy poginge onder korporaal JAN VAN HARWARDEN, om hul terug te kry, bly vrugteloos. Hy, wat die Saldaniërs in die begin „seer speculatyff ende vreemt om aan

te sien" gevind het, wat vol verbasing gekyk het, hoe hul die melk uit die leersakke „met een quastjen off cleyn swabbertjen, bijnae een spetie als van hemp gemaect wesende, opslobberden", wat in meeslepemde gevoelvolle styl beskrywe het, hoe die moeders hul suigelinge agter tussen die bene van die skape deursteek om soos ROMULUS en REMUS aan die wolf van die klassieke mitologie, hul te versadig, slaan nou 'n ander toon aan in die Dagboek. Sy opgewektheid en optimisme styg tot toorn en grimmigheid as een teleurstelling na 'n ander sy goeie stemming kom vernietig en hy het self daaraan gedink om die hele spul te laat vang, as slawe na Indië te stuur en die vee buit te maak — „haer volck geefters ons dagelix oorsaeck genoeg toe, met stelen ende weghdragen van d' onsen haer goet." Maar as HERRY in Junie 1655 weer by die Fort opdaag, word dit raadsaam geag om hom nie alleen weer in genade op te neem nie maar hom ook as tolk op 'n handelstog onder korporaal WILLEM MULLER uit te stuur. In die *Copie Dagregister* van MULLER hoor ons dat as die stukke koper en die provisie stilletjies van die pakosse verdwyn, het HERRY met sy kerie geswaai en geskree „Goo Goo reght off hij seggen wilde: ick heb u hier niet van doen." Hy dwing die soldate om hom die handelsreis met die koper en tabak verder alleen te laat onderneem. Die tekens van sy diefstal word later so sprekend dat hy in Julie 1658 na Robben Eiland verban word en al die vee wat hy ten koste van die kompanjie vergaar het, buitgemaak. Die volgende jaar is hierdie aartsdief teruggebring na die vasteland om ander rowers te help vang maar toe hy daar nie in slaag nie weer teruggestuur na die ballingsoord waarvandaan hy in 'n roeibootjie ontsnap het. Na die vrede enigins herstel was, het hy dit gewaag om af-en-toe weer by die fort aan te kom maar kort na die vertrek van die eerste kommandeur is hierdie natuurkind, verslaaf aan en verrenweer deur die betreklike seëninge van die Europese beskawing vir diegene wat daar nie teen bestand was nie, in die skaduwee van 'n vesting deur Europese hande opgetrek, begrawe.

3. VROEË RAPPORTE VAN DIE „KLEINE LUYDEN”.
 PIETER VAN MEERHOFF „DIE WEL TER PENNE IS”.

Deur iedere dag aantekeninge te maak of te laat maak, soms wel met moeite gedoen en volgehou, het daar onbewus onsterflike persoonlikhede onder al die los mededelings al gaandeweg gegroei. Daarvoor was die dagboekhouer gedeeltelik afhanklik van die rapporte van die „kleine luyden” wat in die onafgebroke reeks dagregisters van 1651 tot 1795 opgeneem is. Daar lê ’n wêreld van geestelike lye, heimwee en verlange in ’n onbevange opmerking uit een van die eerste, nl. die van vier deserteurs, wat van 25 September tot 3 Oktober 1652 omtrent vier-en-twintig myl van die Kaap in oostelike rigting geswerwe het „op hoop om over land in het vaderland te komen.” Hul joernaal was „met rood krijt geschreven.” Die togangers WILLEM MULLER en JAN VAN HERWARDEN, wat in 1655 en 1658 respektiewelik hul berigte indien, het niks as sonde en ergernis van HERRY en KROTOA gehad nie, die meid wat VAN RIEBEECK aangeneem en EVA laat doop het. Die jare tussen 1659 en 1664 word gekenskets deur talrike poginge om die mitiese stad Vigi Magna te ontdek wat êrens in die Noorde moes lê.¹⁾ Eva bevestig die bestaan van magtige en beskaafde ryke wat op die ou kaarte vermeld word en waarvoor ook die Strandlopers fantastiese verhale te vertel gehad het met die gevolg dat die „kleine luyden” soos Graalridders daarop uittrek om die fabelagtige goue stad te vind. Die reise wat met hierdie doel onderneem word en waarvan die joernale in die Dagregister opgeneem is, en ons erkenning verdien, is in die volgende orde afgelê:

1. Landtog van JAN DANCKAERT op soek na Monomatapa van 12 November 1660 tot 20 Januarie 1661.
2. Die eerste reis van PIETER GRUIJTHOFF van 30 Januarie 1661 tot 11 Maart 1661.
3. Reis van PIETER VAN MEERHOFF van 21 Maart 1661 tot 23 April 1661.

¹⁾ Vgl. Voorwoord tot die Joernale van die Landtogte van OLOF BERGH (1682 en 1683) en ISAQ. SCHRIJVER (1689) deur Dr. E. E. MOSSOP in die publikasies van die Van Riebeeck Society, 1931.

4. Reis van PIETER EVERAERT van 15 November 1661 tot 13 Februari 1662.
5. Die tweede reis van PIETER CRUIJTHOFF van 21 Oktober 1662 tot 1 Februarie 1663.
6. Reis van JONAS DE LA GUERRE van 11 Oktober 1663 tot 22 Januarie 1664. ¹⁾

Daar word noukeurig reisaantekeninge gehou. Die word deur die sekretaris en sy assistente wat die klerkwerk kon doen en gewoonlik uit die soldate wat 'n goeie hand kon skrywe, gerekruteer is, op die fort geredigeer. ²⁾ Die dagboekhouer het dikwels moeite met die skryfkuns gehad, hoewel daar onder die ruwe manne af-en-toe iemand was wat alles behalwe onbeskaafd en ongeletterd was soos by nader beskouing blyk. JOHANNES DORHAGEN het meegegaan op eersgenoemde reis omdat hy „de latynse tale” goed geken het en hul, getrou aan die opvattinge van die Renaissance, gemeen het dat ieder mens hom met hierdie internasionale taal tog sou kan verstaanbaar maak waar hy hom ook al ter wêreld bevind! Die vernaamste joernalhouer wat aan elkeen van die ses togte deelgeneem het, die onderchirurgyn PIETER VAN MEERHOFF, ³⁾ 'n Deen van Kopenhagen, kon plasties en aanskouelik skryf, maar Hollands was sy moedertaal nie en gevolglik val hy dikwels deur die mat. Onder die mindere gode is hy 'n grootse figuur, iemand „die wel ter pen en oock eenighsints in de teyckenkunst ervaren” ⁴⁾ was. Hy trek met

¹⁾ Fragmente uit die joernale gehou op die togte na die Noorde is uitgegee deur GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd*, Dl. I. Die uitgewer het stukke gaan verkort sodat dit soms moeilik is om uit te maak wanneer die joernalhouer en wanneer die uitgewer aan die woord is.

²⁾ Vgl. *Algemeen Handelsblad*, 12 Jan. 1933, *Ambtenaren in Compagnies-Dagen*: zelfs de stoutste fantasie kan zich geen protestvergadering van „pennisten” voorstellen op het Paradeplein binnen de muren van het Casteel.”

³⁾ Vgl. GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* dl. I p. 42, 45—47, 51—56, 60, 62—64, 66, 79, 89, 99, 100, 114, 115, 117. Voorwoord tot die *Journals of Bergh and Schrijver* p. 6 en vlgg.

⁴⁾ Instructie voor JONAS DE LA GUERRE, 10 Okt. 1663 (GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I, p. 115).

die troep van JAN DANCKAERT mee maar die *Aenteyckeninge* is deur die leier, 'n man wat die tug nie kon handhaaf nie, self gehou. By watergebrek begin die volk onwillig te word, twis die ganse dag en toe hul eindelik by die Olifantsrivier kom, het DANCKAERT sowat alle beheer oor hulle verloor. Daar word 'n kamp gemaak, waar die siekes moet agterbly, en as hul die volgende dag die reis voortsit en DANCKAERT verdwaal, is die aanvoerder verplig, om 'n angstige nag in die wildernis deur te maak, want niemand slaan die minste ag op sy vure en twintig musketskote nie. Die volgende môre vind hy hul rustig om die kampvuur sit, seker innerlik teleurgestel, dat die leeu so 'n porsie versmaad het.

Vir die volgende ekspedisie moes dus iemand gevind word wat ontsag, desnoods vrees kon inboesem. Die keuse val op die boumeester PIETER CRUYTHOFF maar onoffisieel was dit die joernaalhouer, die Kopenhaagse „provisioneel onder-barbier” wat die leiding gegee het. 'n Briefie van hom aan die Kommandeur opgestel, 31 Januarie 1661, die dag na hul vertrek, is 'n pragtige voorbeeld van die onbeholpe Hollands, wat die vreemdelinge in diens van die Kompanjie dikwels gebesig het. Daarin laat hy weet, „dat wie sein Got loff omtrent de 6 meil van 't fort af, wie U.E. weten dat ons ossen begenen heur wel te skicken, anders niet, dan wie bevelen sein Edelheyt met sein Eedelle frou ende kiender onder den Alderhoogsten bescherminge”. As ons hiermee vergelyk sy „*Journaelse aenteyckeninge, gehouden bij den onderchirurgyn Pieter van Meerhoff, wegens dese laetse als 2e. persoon mede geweest*”, is dit duidelik, dat die hand van die sekretaris, HENDRIK LACUS, die taal versorg en miskien die hele stuk in goeie 17de eeuse skryftaal omgewerk het. Die vaste formule, „nadat wy wat gerust hadden”, die subordinerende sinne, wat in die volkstaal weinig voorkom, die woordeskate, alles wys daarop dat daar korreksiewerk gedoen is.

Tog is in sy joernale wat van beskrywende aard is, 'n sekere spontaniteit bewaar gebly, 'n sin vir die grappige gepaard aan 'n sin vir die praktiese wat die reisigers oor die grootste moeilikhede van hierdie gevaarlike togte gehelp het, aan die dag gelê. Daar kom staaltjies van egte, natuurlike vrolikheid in voor en die bron van vermaak vir die ontdekker van die

Namaqua is die reus koning AKEMBIE, „veel grooter als CATIBOU, de grootste slaaff die aen Comp^{ies} schuyr leydt.”¹⁾ VAN MEERHOFF gee die voorbeeld en leer die Namaqua die genot van 'n pyp tabak maar „den coninck in plaats van na hem te trecken blies van hem aff.” As hy die kuns meester is, begin hy begerige oë op die „fijne lakense slaepmuts” van die skrywer te slaan. Toe hy dit present kry, wil sy drie seuns ook elkeen een hê. Die praktiese Hollanders — miskien het 'n blik op die gestalte en die vuiste van die Koning hul vindingrykheid verskerp — weet daar gou raad op. „Wij maeckten datelijcq 3 a 4 stucx van de blaauwe cleetjens die wij hadden en hebben haer yder een gegeven, maar sij hadden machtigh sin in de roo mutsen; daer waeren eenige van ons volck die roode mutsen hadden, ick deed se haer geven en ick belooffde haer betalingh als wij aen de Caep quamen; de muts die de coningh van mijn creegh wees hij mijn dat hij se met coraelen rontsom woude behangen.”²⁾ In vrede en vriendskap het hul uit mekaar gegaan. AKEMBIE, volmaak gelukkig met sy rooi mus, bly agter in sy land en VAN MEERHOFF aanvaar die terugreis met wie weet hoeveel donker gedagtes oor EVA, die bondgenoot van HERRY, met wie die ontdekker op 2 Junie 1664 plegtig getroud is, toe sy al twee kinders van blank vaders gehad het. Binnen enkele weke was daar weer 'n geselskap op die been na „den coningh”, sy seuns en „capiteyns” waarop VAN MEERHOFF die werk van leier, chirurg en joernaalhouer gekombineer het. Hul trek weer by „MEERHOFF's Casteel”, die ronde koppie bo-op Piekenierskloof (Greys-Pas) wat hy op die vorige reis na homself genoem het, verby, herstel die vrede onder die Namaqua en Akembie ontvang sy presente. Die dubbele beloning van die vier riksdalers en brandewyn wat elke „lantreyser” by die tuiskoms gekry het, het hy dan ook dubbel verdien.

Op die reis van PIETER EVERAERT wat oor 'n halfjaar gevolg het, het hy as sekunde meegegaan. Die „scribent CORNELIS DE CRETSE” het die joernaal gehou maar behalwe die verskrikkelike dors was daar nie veel om oor te skryf nie

¹⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 55.

²⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 59.

dan die ontmoeting met 'n olifant „in welcke tegemoetcominge een van onse comp.^{en}, genaempt PIETER ROMAN, niet alleen van wierde achterhaelt, maer oock soo deerlijk gequest, dat hij ongeveer 2 uyren daarna is comen te overlijden.” ¹⁾

Toe PIETER CRUIJTHOFF sy tweede reis sou onderneem, het dit al 'n soort van tradisie geword dat VAN MEERHOFF sou saamgaan, maar die *Journal* is gehou deur FREDERICK DE SMIT, blykbaar nie die werk van 'n gebore Hollander nie, om te oordeel na die woordkeus en skryfwyse. Hy het las met die spelling van woorde soos „sonties” (zoetjes) „soepien” (soopjen) en „kabriesen” (kARBIESEN) en skryf al die Afrikaanse samestelling „vogelstruysen” wat 'n bewys is dat hierdie vorm naas die Hollandse toe reeds in gebruik was. Hul het 'n wa saam geneem en vir die eerste maal het daar waspore langs die Olifantsrivier gelê maar die het die agterdog van die „wilden” opgewek. As hul by die plek terug kom, waar op die heenreis een en ander onder 'n hol klip weggesteek is, word alles terug gevind, behalwe die heerlike spek en gedroogde wildvlees, wat hul so lang gespaar en so na gesmag het. Verdrietig vermeld die joernaal, dat die „gegetten en geconsu-meert” ²⁾ was deur wilde diere — of was dit deur die onversadigbare mensies van die vlaktes? Met skynbare gevoelloosheid vermeld die joernaalhouer die ontberinge van die lang weg: snags ly hul bittere kou, oordags vergaan hul van die hitte en die dors, veroorsaak deur die brakwater, sodat van 'n sekere DIRCK ROOTKOP telkens vermeld word, dat hy „niet meer voort coste”, niteenstaande of miskien as gevolg van die herhaalde aderlating deur die bekende chirurg VAN MEERHOFF. Die verskrikkinge van die tog het hul nie afgeskrik nie en binne 'n jaar was daar weer 'n geselskap op dieselfde wapad onder leiding van JONAS DE LA GUERRE. PIETER VAN MEERHOFF het die joernaal gehou en ons voel dadelik dat 'n joernalis „wel ter penne” aan die woord is. Daar word beskrywe hoe hul na heel wat gevare en vermoeyenis tot in die kloof van die Olifantsrivier kom, waar die kosbaarste besit, 'n pragtige

¹⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 66.

²⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 107.

„beslagen hechte boerewagen” uitmekaar gehaal word en aan die voet van die berg begrawe. Die werksaamheid het in die stilte van die nag gebeur in die hoop dat die bespiedende ogies van die berg- en vlakgebewoners hul nie sou gewaar nie, maar as hul eindelijk in die versengende hitte van die somermaand Desember die Olifantsrivier weer bereik, is die wa verbrand, die provisie gesteel en die kruitkokers almal leeggestort. „Chrigeriquas ende Sonqua” kom vertel dat Cochoqua die vernieling aangerig het en Cochoqua pak die skuld op ander Hottentotte. VAN MEERHOFF het voëls en plante op die reis gesien wat nuut was vir hom en „in ’t marcheren is van ons twee camelen gesien welke beesten noyt voor desen is vernomen, waerdoor wij presumeerden dat wy niet verre van de Revier Vigita Magna waren, wandt ick had voordesen wel hooren seggen van de Namacquas als dat daer omtrent de revier sulcke beesten zich onthiel.”¹⁾ Maar die goue skaal Vigita Magna het steeds buite die bereik van die graalridder gebly. Hy is ’n tragiese held onder die ou penniste, ’n laat-Warhold-figuur²⁾ in die drama van hewige botsing tussen Kristendom en Heidendom. Dit is die ewig-menslike van val en opstaan, van hoopvolle stryd tot die einde toe, wat ons so ontroer. Nêrens kon sy rustelose soekersgees bevrediging vind nie, nie in landreise nie, ook nie in die onnatuurlike huwelik wat hy op 2 Junie 1664 gesluit het, vier maande na sy veilige terugkeer by die fort waarmee die eerste periode van noordelike ontdekkingsreise eindig.

Hul het in vaste aanraking gekom met Sousesa anderkant die Hottentots-hollandkloof en hom aangemoedig om „koebeesten” na die Fort toe te bring. Een van die skilderagtigste toneeltjies in die Dagregister is die „vaderlike” ontvangs wat hierdie hoof van die Chainouquas kry by geleentheid van so ’n besoek in 1660, Sousesa, „met sijn soons vrouw op een grooten os sittende ende geleijt wordende door een van de ruyterwachters, binnen ’t fort gereden, daer sij door een van sijn volcq op de

¹⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 118.
camelen = kameelperde.

²⁾ Vgl. die historiese roman van VAN OORDT: *Warhold*.

schouderen affgeholpen wierd," versoek om VAN RIEBEECK self te spreek want sy volk het vertel dat die Kommandeur hom, SOUSOA, vir Vader en sy seun vir Broer aangeneem het! Die „seun” trakteer daarop sy aangenome familie „dat se lustigh songen ende sprongen ende wonderlijcke aperijen aan-rechteden.” ¹⁾

VAN MEERHOFF het tot die volk van die Watergeuse behoort en daar was nog die moontlikheid dat die see hom tot kalmte en besinning sou bring. Naas die landjoernale van die ontdekkers en handelsreisigers na die naburige Hottentotte, het daar ook talrike skeepsjoernale ontstaan waaruit ons die ontdekking van die kuste graad vir graad, myl vir myl kan nagaan. ²⁾ In Julie 1667 het VAN MEERHOFF opdrag van CORNELIUS VAN QUELBERGH gekry om na Mauritius en Madagascar te reis met die bedoeling om die Mozambique kus te verken en van alles aantekening te hou. Hoe sou hy ons opnuut van sy skrywerstalent, van sy opmerkingsgawe kon laat geniet het. Maar as sy skepie, die Westwout, op 27 Februarie 1668 Tafelbaai onverrigtersake weer binneseil, lê PIETER VAN MEERHOFF en ag van sy manskappe by Artongilbaai vermoor. So groot sou EVA se verdriet nie gewees het nie. Vir haar was dit 'n verlossing uit die knellende bande van die beskawing en die Dagregister vermeld haar blye terugkeer in die boesem van haar eie swerwersvolkie.

Die skeepsjoernale wat langs die Suid-Afrikaanse kuste gehou is, die werk van eenvoudige joernaliste wat aan die Kaap hul opdrag ontvang het, soos die van die skipper van die „Grundel”-tog van 30 Junie tot 13 September 1670, GERRIT GERRITS RIDDER MUYS en van die kaartmaker SIEUWERT JANS BOOM, ³⁾ staan in noukeurigheid en duidelikheid ver agter by die joernale van die groot seevaarders. Eentonig, vervelend is die massa détails omtrent peilinge, riviermonde,

¹⁾ *Dagregister* 30 Sept. 1660. As uittreksel opgeneem deur BLOMMAERT en GIE: *Uit ou Reisbeskrywinge, Dagverhale en ander letterkundige bronne oor die Kaap* (1922).

²⁾ Vgl. GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen III. Tochten langs de Z.O.-kust en naar het Oosten*.

³⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen III* p. 6 en vlgg.

weersgesteldheid, kusbeloop wat aangegee word, maar 'n enkele keer kom daar tog 'n mooi beligte stukkie prosa in voor en dan maak dit die indruk van 'n oase in 'n woestyn van dorre opsommings. Aan wal kom hul in aanraking met „altemaal kerels als boomen” ¹⁾ met die gevolg dat dit dikwels noodlottig vir die manne van gewone gestalte afloop. Soos die „Westwout” sonder VAN MEERHOFF, so het die „Grundel” sonder BOOM in Tafelbaai teruggeseil gekom. In sy skeepskis het die kladjoernaal gelê, „op versceijde papiertjes zeer caswijs geschreven” en „voor soveel d'selve leesbaer en verstaandel(ijk) syn geweest” ²⁾ is dit deur die sekretaris oorgeskrywe voor dit na Here XVII opgestuur is.

Hul rampe sowel as hul voorspoed het die joernaalhouers aan die Voorsienigheid toegeskrywe. As die soekers na skipbreukelinge nie in hul sending slaag nie, heet dit in die taal van hul tyd „dat God almaghtigh d'E. Comp. met de frequentatie dier gewesten, niet jegenstaende soo wel moyelicke besendingh successive daer op aangeleyt, voor alsnogh niet heeft gelieven te favoriseren doch blijft Zijne Majesteijt evenwel hertelick gedanckt, die dit schip en volck uyt soo veel rampen en gevaren geredt en nogh behouden hier wederom aangebragt heeft.” ³⁾ Die eenvoudige siele het berus in die wil van 'n Goddelike hand, het daaruit krag en sterkte geput; die wil wat hom met die fatum meet, was vir hul uit die bouse. Hulle geskifte is van allerlei kleur en nuansering — daar is Dagregisters met kort sakelike mededelings, in 'n gebrekkige styl opgestel en daar is uitvoerige stukke met allerlei uitweidings van topografiese en etnologiese belang, wat in meer versorgde styl gekrywe is of waaraan die sekretaris meer sorg bestee het. Nooit is dit die werk van *auteurs* nie, want die penniste „waren ruwe zeebonken, iets meer ontwikkelde dan de grote massa van hun kornuiten, maar overigens toch van gelijke beweging als zij.” ⁴⁾ Hul aantekeninge is volksboeke waarin

¹⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* III p. 46.

²⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* III p. 47.

³⁾ *Dagregister*, 2 Sept. 1672.

⁴⁾ P. L. VAN ECK JR.: *Van Janmaat en Jan Compagnie* p. VII, (Zwolsche Herdrukken 1912).

die deursettingsvermoë, die taaie volharding, die godsvertroue, die waarheidsliefde van die volksgees weerspieël word; hul is so goed as anonimie vir ons, met uitsondering van die forse gestalte van VAN MEERHOFF wat, dank sy die liggaamlike krag die vermoeiende togte kon trotseer en dank sy sy vaardigheid met die pen, interessante joernale kon hou. Kuns is dit nie, maar die gekunstelde en die kunsmatige van die Renaissance wat in die sewentiende eeuse poësie veral soms so hinderlik kan wees, ontbreek dan ook totaal in hierdie prosa van die „kleine luyden”.

4. EERSTE VERSE AAN DIE KAAP GEMAAK O.A. DEUR
ARNOUT VAN OVERBEKE EN PIETER DE NEYN.

Wie in die 17de eeu die skoonheid liefgehad het, of ook maar enige letterkundige neiginge gevoel het, het die poësie as uitingsmiddel bo die prosa verkies. In die jare van eksploerasie van die binneland en van die kuste, toe die opstellers van die land- en skeepsregisters onbewus die volksaard weerspieël maar die skrywers geen aanspraak maak op literêre verdienste nie, kom die eerste bewus-literêre skeppingsdaad. Vier jaar na die vertrek van die stigter is die eerste steen van die nuwe Kasteel deur sy opvolger gelê, 2 Januarie 1666, 'n dag van groot betekenis vir die klein kolonie. 'n Onbekende digter het 'n geleentheidsvers gemaak wat in die Dagregister opgeneem is en waarin hy die plegtigheid as volg besing: ¹⁾

„Den eersten steen van 't nieuwe Casteel goede hope
heeft WAGENAER geleg met hoop van goede Hope.

AMPLIATIE.

Soo werden voort en voort de rijcken uitgespreyt
Soo werden al de swart', en geluwen gepreyt
Soo doet men uijtter aerd, een steene wal oprechten
daer 't donderend metael, seer weynigh can ophechten
Voor Hottentoes waren 't eerteijts aerde wallen
nu comt men hier met steen voor anderen oock brallen
dus maekt men dan een schricq, soowel d'Europiaen
als voor den Aes: Amer: en wilde Africaen

¹⁾ *Dagregister*, 2 Jan. 1666. (c. 586.) Die afdruk by LEIBBRANDT: *Precis of the Archives* sit vol klein foutjies.

dus wordt beroemt gemaect, 't geheijlich christendom
die setels stellen in het woeste heijddom
wij loven 't groot bestier, en zeggen met malkander
Augustus heerschappij, noch winnet Alexander,
noch Caesar's groot beleijt, zyn noijt daermee gewaerd
met leggen van een steen, op 't eijnde van de Aerd.

Tipies van die Renaissance verskuns is die woordspeling op „Casteel goede hope” aan die begin en die klassieke sinspeling aan die slot van hierdie historiese kuriosum.

Nog dikwels sou die naam „Kaap de Goede Hoop” die vernuf en vindingrykheid van die amptenare prikkel. In „De Rijnwercken van wijlen den Heer en meester AERNOUT VAN OVERBEKE” 1678, ¹⁾ is 'n puntdig opgeneem wat hy geskrywe het „In het stam-boeck van den Heer AELBRECHT VAN BREUGEL; commanderende aen Cabo de Boa Esperanza: Daer hij (een dagh voor mij gekomen) alles in 't wilt vondt; waer over sich dickwels aen mij beklagde: den 23 April, Anno 1672.”

't Hooft van het Hooft de Goede Hoop,
Vondt alle dingen over hoop:
En vroegh mij, wat voor raedt ick hem daer in kon geven?
Ick seij; mijn vriendt, 't is een vuyl nest:
Gedult te hebben, is hier best;
Wyl ghij gedwongen zijt, op *Goede Hoop* te leven.”

ARNOUT VAN OVERBEKE is in Den Haag gebore in 1632, en in Amsterdam oorlede 1674 na 'n kort, verwoeste lewe. Na hy sy eed as advokaat-fiskaal voor die hof van Holland afgelê het, is hy in 1668 na Batavië gegaan. In 1672 het hy teruggekeer, het op daardie reis as hoogste amptenaar aanwesig opgetree as die bevelhebber van die retoervloot en die puntdig vir „'t Hooft van het Hooft de Goede Hoop” gepen. Die vroeg-Renaissance „quicken” van digters soos ROEMER VISCHER het met die bye hul angel sowel as hul soetheid gemeen. Die rymwerke met die *Geestige en vermaeklijke Reijsbeschrijving van Mr. Aernout van Overbeek, naer Oost-Indiën*

¹⁾ 't Amsterdam by JAN CLAESZ. TEN HOORN, Boeckverkooper, over 't Oude Heere-Logement; 1678 p. 98.

uytgevaren voor Raet van Justitie, in den Jare 1668, wat agterin opgeneem is, is heeltemal in die gees van die tyd gekonsipieer. VAN OVERBEKE was daar in die winter en wou nie op die veld slaap nie, „om een kudde Vogel-Struysen of eenige wilde Harten op te doen, want men heeft 'er

Tijgers, en Beeren, Leeuwen wreed en stout,
Souden die setten op den romp van Nout, ¹⁾
Haer poot,
O Doodt,
Dat waer te grof,
Neen neen neen,
'k Wil niet heen,
't Nieuwtjen is bij mij al of.” ²⁾

Sy veertiendaagse verblyf was vir hom lang genoeg en in die kort tydjie het hy nog hooglopende rusie gehad met die kommandeur wat hom tot allerlei geestige opmerkings prikkel. Aan die Kaap het hy geen ander monster gesien nie „als den Commandeur self” aan wie ook die Hottentotjies maling het en sê „wat Capiteijn is dat! altijd *Sieckum, id est* siek, quaed, knorrig, lelijk en al wat niet en deugt, is al *Sieckum*, slechte Tabacq, sieckum Tabacq etc.” Soos die ongeluk dit wou hê, moes VON QUABELBERGEN met dieselfde vloot terug wat aanleiding gee tot nog meer sarkastiese aanmerkings b.v. dat hoewel hul nie die „Caep-vogeltjes wit met swarte spikkelen” in hul strikke kon vang nie, hul tog altyd vars vlees op tafel gehad het „al hadden het de honden maer geweest van de Heer QUABELBERGEN, (die van de Caep was op ons Schip gekomen) die 's achtermiddags de tafel voor haer Ledekant gebrykten.”

Sewentig jaar later is daar weer gesinspeel op „t Hooft de Goede Hoop” maar dan heeltemal in 'n ander trant.

In 1746 het daar in Amsterdam van JAN DE MARRE verskyn: *Bespiegelingen over Gods wijsheid in 't bestier der Schep-*

¹⁾ D.i. Aernout.

²⁾ p. 26 en vlgg. Ook hy gebruik dus die Afrikaanse samestelling „vogel-struysen”.

*selen, en Eerkroon voor de Caab de Goede Hoop,*¹⁾ In die „privilegie” wat voorafgaan, hoor ons dat die drukkers ook besig is aan ’n groot digwerk *Jan de Marres Batavia, in zes Boeken vervat*. Hy was dan ook ’n gevierde agtiende eeuse Nederlandse digter en sy *Eerkroon*, hoewel dit deur Suid-Afrikaanse aangeleenthede geïnspireer is, kan beswaarlik tot ons literatuur gereken word. Maer in die toewyding aan Mr. PIETER RENDORP, die Amsterdamse burgermeester nooi hy hom uit „om, als uw eedle Geest den boog der zorg ontspant,

In haar Bespiegeling, U van ’t vrije Nederland
Naar ’t Hoofd van Goede Hoop te voeren.”

AERNOUT VAN OVERBEKE, ’n weinig soliede juris, kon ook diep ernstig wees soos blyk uit sy *Gebedlied om een geluckige Reyse te Water*. Vir ons sewentiende eeuse voorouers was dit doodgewoon om vandag ’n spotskrif of ’n loflied ter ere van Bacchus op te stuur en môre ’n innig deurleefde gebed tot God te prewel. Op sy reis van 1672 het hy ’n redding uit die hand van vyande meegemaak en uit die diepte van sy hart gebid in die oortuiging dat,

„Het grouwsaem Roovers Rot,
Dat in de diepe kuylen
Des Aertrijks weet te schuylen,
Is u bekend, ô Godt!”

Ander omstandighede, ander stemminge; ander stemminge ander digterlike uitinge en so is dit ’n geheel andere man dan die bespottter van VAN QUAELBERGEN wat onderweg dig:

„Ach Godt! bewaer ons dan voor Noot,
'k Ben maer een hand-breedt van de Doodt;
Eén plank die tusschen beyden leyt:
Maekt maer alleen het onderscheyt
Dat ik niet mede werd' getelt
Bij die de doot heeft neergevelt.

¹⁾ By ADRIAAN WOR, en de Erve G. ONDER DE LINDEN, 1746. Met Privilegie der Ed. Gr. Mog. Heeren Staten van Holland en Westvriesland. Herdruk in *Hollandsch Zuid-Afrika*, 1920 (slot in die aflewering van 15 Mei.)

Breng ons aen het gewenschte Landt;
 Op dat wij mogen naderhandt
 Verkondigen, wie dat was de Heer,
 Die ons geleijde, heen en weer:
 Een schilt der Vroomen op wiens last
 Lucht, Hemel, Zee en Aerde past." ¹⁾

Dieselfde tweeslagtige gees, tipies van die eeu, word geopenbaar in die kuns van Mr. PIETER DE NEYN, een van die eerste amptenare aan die Kaap met digterlike neiginge wat van Februarie 1672 tot Oktober 1674 as fiskaal hier gedien het. Hy stam uit 'n familie van regsgeleerdes — sy vader was in 1670 pensionaris van Alkmaar en later raadsheer aan die hof van Holland, die Hollandse regbank. Volgens sy eie getuienis in „Op mijn geboortedach”, een van sy „Mengel-digten” in 1681 uitgegee, in 'n bundel getitel *Vroolijke Uuren bestaande uit verscheide soorten van Mengel-digten*”, waarin allerlei biografiese besonderhede in luimige trant meegedeel word, weet ons dat sy geboortedag op „24 Junii, sijnde St. Jansdagh” geval het, in die jaar 1643 te 's-Gravenhage, volgens die Leidse studente-album.

Uit dieselfde gedig kom ons te weet dat hy opgelei is deur die beroemde predikant en rektor van die Latynse skool, ARNOLDUS MONTANUS. Na sy voorbereidende onderwys word hy student te Leiden waar die vrolike studentelewentjie hom goed beval het;

„Geen hokkeling in 't velt en kost ooit luchter springen,
 Geen losgebonden hond en toont ooit grooter vreucht,
 Geen vrij gemaakte slaaf en had ooit meer geneucht,
 Als ik, wanneer ik eerst mijn vrijheid had vernomen,
 En ik mijn selven sagh in Leiden als Student.”

Maar dit was oorlogstyd, „de Brit, die loerde vast op onser Kooplui schepen.” Sy vaderlandsliefde ontwaak en hy

¹⁾ Rymwercken van AERNOUT VAN OVERBEKE, 7de druk, Amst. 1699, p. 253 en 255. Oor die sang- en diglustigheid van die „kleine luyden”, VAN OVERBEKE en DE NEYN, vgl. GODÉE MOLSBERGEN: *Tijdens de O.-I. Compagnie* p. 7 en vlgg.

²⁾ PIETER DE NEYN: *Vrolijke Uuren*, bestaande uit verscheide soorten van Mengel-digten p. 36 by JAN BOUMAN, Boekverkooper in de Kalverstraat, Anno 1681.

dien 'n tydlang as vrywillige, tot die vyand gedwing word tot die vrede van Breda, en hy weer „na de boeken toe” kon terug gaan.

Toe is hy nie weer terug na Leiden, maar na Duisbergh aan die Ryn, 'n nuwe beroemde skool waar hy sy studies in die Regte voortsit. Te lang het hy daar nie gebly nie en het sy professor na Groningen gevolg. Ook daar het die studie nie te goed gevlot nie, tot hy op 'n vakansie tuis smoor verlief word en die dame om haar hand vra.

Maar, „den Heer moest Doctor sijn, en *dan* van trouwen spreken,” is die antwoord. Hy trek na Harderwyk, kry sy Doktorsbrief.... en ook eën „nihil” na 'n ander op al sy aansoeke by die vroeër geliefde en ander dames, tot hy op sy drie en twintigste jaar sê:

„Nu ben ik eindelyk eens buiten al die kueren”.

Sy vader wou hê, dat hy hom as advokaat moes vestig, maar PIETER het nié sonder gevolg die werke van sy ou meester MONTANUS verslind, 'n man wat vertrouwd was met die seewese en bevriend met die grootste Hollandse admiraal, DE RUYTER. Vermoedelik was dit die publikasie van 1650, „De wonderen van 't Oosten” van MONTANUS wat die sterkste prikkel op hom uitgeoefen het, om in diens van die Oos-Indiese Kompanie te tree. Op 11 September 1671 vertrek die ontwikkelde jong regsgeleerde met die skip „Gouda” na die Kaap, om die dienste van fisikaal in die nuwe stigting op hom te neem, onder die goewerneur IJSBRAND GOSKE. Op die gevaarlike lang reis het hy *Gedachten op het gesichte van het Zuider-kruis* gedig, 'n vers van treffende skoonheid. Hy gaan gebuk onder die besef, „hoe wij gestaag in kruisingh leven”; ydele hoop was dit van hom om te dink, dat hy sy kruis kon agterlaat; die is ons opgelê.

In die slotvers kom die toepassing. Geen wydlopige bespieëlinge hier nie, maar 'n stille berusting en gewilligheid, om die kruis op hom te neem, omdat dit opgelê is deur die Gekruisigde self:

Gedachten op het gesichte van het
ZUIDER-KRUIS,
Een gesternte aan den Hemel, dat alleen besuiden de
Linie AEquinociaal kan gesien werden.

Hoe wij gestaag in kruisingh leven,
Van d'een in d'ander ons begeven,
En volgen 't quaad van voet op voet,
Dat leer ik nu in overvloet.
Ik dacht mijn *Kruis* dat was ten ende
So dra ik mij naar 't *Oosten* wende;
Maar vind waar dat ick vaar of ga,
Het een *Kruis* volgt het ander na.
Het *Noorden* had ik pas besien,
Ik dagt niet meer om 't oude lijn,
Mijn oude *Kruis* geheel verdween,
So als mijn weer een nieu verscheen.
Den Hemel quam 't mij selver wijsen,
So dra sijn sterren quamen rijsen,
En wees, als met de vinger aan
Dat onder 't *Kruis* wij altijt staan.
Het *Kruis* dan Heer, van alle dagen,
Ons opgelegd, laat ons dat dragen
Geduldig, met een vroom gemoet,
Stantvastig jegens tegenspoet:
Maar 't *Kruis* van uwen Soon gedragen,
Sijn smaat, sijn striemen en sijn slagen,
Sijn vlees, sijn bloed, sijn doodsche pijn,
Laat ons die meed' deelachtig sijn.

In 't Schip Gouda Zeilende op 2 graden bezuiden
de linie AEquinociaal, den 18, Decemb. Anno 1671. ¹⁾

Hierdie vers, in 'n ernstige bui ontstaan, val onder die „Leersame ende Morale Rijmen” van die „Vrolijke Uren.” Onder die „leringen”, byna almal verstandswerk, is dit 'n juweeltjie van diep en suiwer gevoel, op weg na Suid-Afrika gedig, op die mooiste suidelike sterrebeeld.

Maar dit het meer in sy aard gelê om „slemp-digten” te maak waarvan vier met sekerheid kan gesê word dat hul nie alleen hier geïnspireer is nie maar ook hier vervaardig is.

¹⁾ *Vrolijke Uren* p. 151.

Al vier is geleentheidsverse ter ere van verjaardae van Kaapse jong dames nl.:

Aan de deughtrijke ende liefvallige
jonge Juffrouw,
GRISELLA MOSTAART,
Als haar Geboorte-dagh verscheen
den 19 September, Anno 1673. ¹⁾

Dank-segging, op de Geboorten-dag van
CHRISTINA DIEMER,
Als die verschenen was den 24 Februarii,
1674. Sij out geworden 11. ²⁾

Aan Juffrouw
MARIA VAN ROSENDAAL,
Als haar geboorten-dag verscheen den
7 Maart, 1674, ende sij out geworden
was 17 jaren. ³⁾

Maniere van huis-houden, voorge-
schreven de deughtrijke jonge Juffrouw
GRISELLA MOSTAART,
Als Haar Ed. den 19. September, 1674, out
geworden was 13. jaren. ⁴⁾

Van die bundel verse het hij self gesê, „de Rijmtjes of Versjes aangaende, verdienen eer medelijden, als beschermingh, vermits geen gal, wegens haar eenvoudigheid, daaruit te trekken is.” ⁵⁾ In die Kaapse geleentheidsverse neem sy verbeelding dan ook geen hoë vlug nie. Tog is die raak woordspelings op die name van die jariges, „lieffelijke Cupidootjes”, tipies van die Renaissance digters en herinner aan die kunstvaardigheid en soms ook gekunsteldheid van woordspelings in die werke van HUYGENS en HOOFT waarin die naam van die jubelaris uitgebuit word. Die klassieke invloed laat hom

¹⁾ *Vrolijke Uuren* p. 127.

²⁾ *Vrolijke Uuren* p. 128.

³⁾ *Vrolijke Uuren* p. 129.

⁴⁾ *Vrolijke Uuren* p. 130.

⁵⁾ *Vrolijke Uuren*, Opdracht p. 5.

orals geld, maar alles is by DE NEYN veel eenvoudiger dan in die poësie van die groot 17de eeuwers. GRISSELLA MOSTAART word geluk en voorspoed toegewens:

Aan de deughtrijke ende liefballige
jonge Juffrouw,
GRISSELLA MOSTAART,
Als haar Geboorte-dagh verscheen den
19 September, Anno 1673.

AAN CABO DE BOA ESPERANCE.

Pluckt mirth en Thijm, en Maaghde Palmen,
Krijght Snaar-gespeel, singht blijde galmen,
En springht, en lacht, en vreughden baart,
Die niet van 't minnen is ontaart.
Den Hemel met sijn minne Goodtjes,
De lieffelijke *Cupidootjes*,
Vol van gejuich en Melodij,
Vierd med' dit soete jaargetij.
Het jaargetij van sulck een schoone,
Als in den Hemel selfs kan wonen,
Grisella Mostaarts liefste Saat,
Waar in sijn troost en lust bestaat.
Een maagd verciert met deughd en seden,
Volmaackt van Ziel, van lijf van leden,
Het doelwit vande jonge jeucht,
Der jongelingen hoop en vreucht:
De Bruilofs-God, maackt 't sijn al vaardigh,
Bereit sijn tafels overaardigh,
Vult kruicken vol van Ambrosijn
En alderhande Hemel Wijn.
Hoopt haast sijn toortsen aan te steeken,
Nu twaalf jaaren sijn verstreucken,
Dat gy noch schooner als *Heleen*,
Ons als een morgenstar verscheen.
Hy roept van boven tot u Vader,
U dochters bruilofs-dach komt naader,
Bereit het welig ledikant,
Vat alle vreughden by de hant.
Haalt UE. Vrienden by malkander,
Klap t'samen d'handen in malkander,
En viert dus een verbintenis
dat vande Goon gesegent is,

Soo sal het *Mostaart*-zaat dan groeien,
 Tot eer en welstandt weligh bloeien,
 En geven jaar op jaar een loot,
 Met blijdschap indes moeders schoot.

Aan CABO DE BOA ESPERANCE
 desen 19 Septemb. 1673. ¹⁾

Met MARIA VAN ROSENDAAL wil hy „wat gaan wandelen in een lieven Rosendaal,” maar hy klae, dat sy dan geneig is om uit te roep: „wegh, wegh loop heen”. Daarom wens hy haar toe „een Thuyn-man die sijn stukken wel verstaat”.

In die lied van CHRISTINA DIEMER rym hy maar daarop los oor die „soete lonken” van die elfjarige, wat „’t koutste hart alreed’ doet vonken.”

Die tweede verjaarsdagwens aan GRISELLA MOSTAART gee ons ’n kyk op die „maniere van huishouden” aan die Kaap, twintig jaar na die stigting. Op 13-jarige leeftijd is GRISELLA „niet meer in kinderschoolen”, en moet nou leer naai, en kook, en stryk en styf, want „dat is al werkje voor de wijven”. Een na ’n ander word die geregte opgenoem, wat die Kaapse tonge streel en aan GRISELLA voorgeskryf, hoe sy hul moet voorberei, vis, „frikkedillen en saucijsen”, wors in die pekel gelê, en veral wat die tuinman kan aanbied, wortels „als arremen dick” (by VAN RIEBEECK was dit nog „als een pink”) en ander groente:

„Somtjids ook soo wat steekzala,
 Een Rammelas, wat Pruimen, Peren,
 Of Vettekous, ’t banquetje na.”

Na ruim drie jaar was die banketjies, die vrolike ure aan die Kaap vir hom afgeloop. Die fisikaal is na Batavië bevorder waarvandaan hy as ’n gebroke man, met ’n verwoeste gesondheid gou na Holland teruggekeer het. Bese tonge het sy siekte aan „Bacchus ende Venus” toegeskrywe, hyself

¹⁾ *Vrolijke Uuren*, p. 127. WOUTER CORNELISZ MOSTAERT uitgekomm as soldaat, was een van die allereerste vryburgers (1657), die ampte van burgerraad, burgerluitenant en ouderling aan die Kaap beklee — een van die invloedrykste lede van die jong samelewing.

aan die Indiese klimaat — „kan op mijn manne waarheid ende ter goeder trouwen, verklaren, een vijand van beide geweest te zijn, niet dat wil ontkennen, dat bij gelegentheid soude altemet een goed glas wijn met een vriend gedronken hebben”.¹⁾

Dat daar miskien waarheid in die beskuldiging van sy vyande gesit het, blyk uit die feit dat hy op die retoervloot afgesit is „om sijn gedeboucheert leven.”²⁾ Watter diagnose ook al reg was, die van sy teenstanders „vrouwlui en het drinken van arak” of sy eie „barbery of landziekte”, die Kaapse geleentheidsverse van PIETER DE NEYN doen hom geen oneer aan nie hoewel hul net op die kantjie af is. Veel van die *Mengeldichten* is onkies maar ook HUYGENS en HOOFT, fynvoelende kunstenaars, was dikwels onstigtelik om maar te swyg van werklik onkiese digters soos FOCCUENBROCH en so onkies as sy ampgenoot AERNOUT VAN OVERBEKE was DE NEYN nooit. Soos die van sy groot tydgenote, wemel die minnedigte op elke bladsy van *Cupid*, „tweede ziel”, *Rosemontjen* en „slaaf”, heeltmal in die trant van die Renaissance-digters. In die „slemp-digten”, waaronder die Afrikaanse val, word vriende en kennisse en familieledede toegesing, en in die *Leersame ende morale Rijmen* word daar wyse lesse uitgedeel in die vorm van „Sinne-Beelden” of korte of lange berymde waarhede, alles in die gees van CATS.

Dat die *Vrolijke Uuren* veel gelees is, blyk uit die feit dat dit ’n tweede druk in 1697 beleef het as ’n vervolg op sy *Lusthof der Huwelijken*³⁾ en in 1730 nogmaals afsonderlik gedruk is. Ook die *Lusthof* het in die smaak geval. Hoewel dit hoofsaaklik ’n kompilasie uit ander reisbeskrywinge is,

¹⁾ *Vrolijke Uuren*, „Aan den leser”.

²⁾ *Kopie-Dagregister*, 1674—76 (Kaapse argief, No. 270) 5 Feb. 1676.

³⁾ Die volledige titel lui: „Lusthof der Huwelijken, behelsende verscheyden seltsame Ceremoniën en plechtigheden, die voor desen by verscheyde Natiën en Volckeren soo in Asia, Europa, Africa, als America in gebruik zijn geweest, als wel die voor meerendeel noch hedendaegs ghebruykt ende onderhouden werden mitsgaders deszelfs vrolycke Ueren. Uyt verscheyden soorten van mengeldichten bestaende, Amsterdam 1681, 1697.

bevat dit tog in sowat 'n dosyn bladsye oor die Kaap allerlei besonderhede wat ons nêrens anders vind nie ¹⁾ soos b.v. 'n plastiese en aanskouelike uiteensetting van die afskuwelike gewoonte van die Hottentotte om hul ter dood veroordeeldes met stokke dood te slaan. Lewendig vertel hy ook van die aanval op die vyf vryburgers, seekoeijagters, deur GOENJEMANS waarvan alleen MOSTAART „wiens broeder doenmaels regeerend Burgermeester was” ontsnap. Daar word strafpartye uitgestuur onder JERONYMUS CRUSE in Julie 1673 en April 1674 ²⁾ en die beeste van die moordenaars weggevoer, 'n opdrag wat die korporaal verskeie male uitgevoer het. Met 'n Oosterse vergelyking veraanskouelik DE NEYN die aankoms van die troppe-troppe buitgemaakte „koebeesten”, „gelijkende in 't verschiet een ontmoetingh van JACOB ende ESAU met alle haare runderen ende schapen of wel een Turksche Kachel of Caravanè.”

Die eerste doelwit van die Edele Kompanjie was die handel maar heeltemal sonder digterlike gevoel was haar Kaapse amptenare sekerlik nie. ³⁾

¹⁾ Vgl. BLOMMAERT en GIE: *Uit ons Reisbeskrywinge*, Inleiding p. 103.

²⁾ Die waarheid van sy verhaal word bevestig deur die *Dagregister*. Vgl. GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Z.A.* I p. 134, oor die vermyding van botsing met Hottentotte.

³⁾ In 1680 het van hom ook 'n „Graf dicht” op J. CABELJAU verskyn.

HOOFSTUK II.

DIE INVLOED VAN EUROPESE LANDE, VERAL VAN FRANKRYK.

1. DIE INSPANNENDE LEWE IN DIENS VAN DIE KOMPANJIE. DIE JOERNALE VAN DIE LANDTOGTE VAN OLOF BERGH.

Die lewe in diens van die Oos-Indiese kompanjie was te inspannend om 'n hoë ouderdom by die amptenare te verwag. Die eerste Kaapse versmakers is op betreklik jeugdige leeftyd oorlede as gevolg van 'n verwoeste gesondheid, die eerste ontdekkers was òf te vroeg dood òf vermoor òf deur Moorse seerowers as slawe gevanklik weggevoer. Alleen die korporaal, later Raadslid, HIERONYMUS CRUSE het nog oorgebly om die klein, donker, energieke goewerneur SIMON VAN DER STEL by sy aankoms op 12 Oktober 1679 te begroet en hom en Vaandrig OLOF BERGH voor te lig oor die beste pad na die Noorde.¹⁾ Maar dit sou tot 1685 duur voor daar weer 'n reisjoernaal van die allergrootste betekenis tot stand kom. Die *Journal van de landtocht gedaen by d'E. Vaendrich Oloff Bergh (1682)* en die *Rapport van den Vaendrich Oloff Bergh... op hare reyse na de Cralie van de Namaquas (1683)*²⁾ hoe interessant ook al op sigself, verdof heeltemal by die glans van die *pièce de résistance*, die beroemde *Daghregister der vojagie na der Amacquas land onder 't beleyd van Commandeur van der Stel*

¹⁾ Vgl. Voorwoord, MOSSOP: *Joernale van Bergh en Schryver* p. 16—17.

²⁾ Uitgegee deur Dr. E. E. MOSSOP in die publikasies van die Van Riebeeck Society 1931 waaraan die lewensbesonderhede ontleen is sowel as aan GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 135, 136, 152, 174, 201, 202.

gedaan beginnende 25 Augusti 1685 en eyndigende 26 January 1686." ¹⁾

OLOF BERGH is deur die nuwe goewerneur as aanvoerder van die tog na die Namaquas (1682), die volk uit die Noorde wat by die Kasteel kopererts kom vertoon het, uitgekies, omdat hy as veeruiler reeds enige kennis van die binneland opgedoen het. Hy is in Gotenburg gebore in 1643 en was die jonger seun uit 'n Sweedse aristokratiese familie wat in diens van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie getree het op sy twee-en-twintigste jaar. Hy het eers in die Ooste gedien voor hy in 1676 na die Kaap verhuis en die stamvader van 'n bekende Afrikaanse familie word. Hier het hy die diepste vernedering ondervind, homself weer gerehabiliteer deur sy wilskrag en vasberadenheid en in eer herstel, gesterf in sy aangenome vaderland in die ouderdom van tagtig jaar, 1723.

BERGH het aanvanklik as veeruiler op ruiltogte gegaan na die naburige sowel as na die verder afgeleë krale soos die van die Hessequas. In 1682, drie maande voor sy reis na die skimmige Vigiti Magna, het hy opdrag gekry om die skatte uit die gestrande Engelse skip *Joanna*, anderkant die teenwoordige HERMANUS, in die buurt van Gansbaai, te gaan haal. Die hele romantiese verhaal van die *Landtocht na de Caap das Aguilhas in den jare 1682* lê in die Dagregister opgesluit. ²⁾ Die leier het „'n Godes naam" vertrek en na drie maande met baargeld tot die waarde van meer as ag-entwintig-duisend gulden en rype ervaring teruggekom. Ses weke later, 30 Oktober, wend hy sy voetstaple noordwaarts en die *Journael van de Landtocht gedaen bij d'Edele vaendrigh Oeloff Bergh in den jare 1682* kom tot stand. Dit is gehou deur

¹⁾ Uitgegee deur GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen in Z.A.* I (1916) p. 139 en vlgg., na die teks van VALENTYN. Ed. 1726 p. 54 en volgg. Opnuut uitgegee deur GILBERT WATERHOUSE na die ms. teruggevind in die biblioteek van Trinity College, Dublin wat in 1691 of 1692 uit die Rijksargief, Den Haag ontvroom is. Dublin 1932. Aan albei uitgewers sowel as aan THEAL het ek die lewensbesonderhede ontleen. Ander bronne word verderop gesit.

²⁾ Rijksargief, 's-Gravenhage No. 850. Vgl. GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* I p. 135—136 en Mossop: *Journals of Bergh and Schryver* p. 32 en vlgg.

„de stuijrluijden REIJNIER, DANIEL en ROSIERICK HERMANsz,” almal manne van weinig ontwikkeling, „kleine luyden”. Hul styl is omslagtig, met ’n groot omhaal van woorde word min gesê maar ’n woord soos „ravier” vir „rivier” werp ’n blik op die gesproke taal van manne van hul stand, ’n uitspraak wat in dialektiese Afrikaans nog gehoor word. Daar is die gewone eentonigheid van telkens terugkerende opgawes van afstande en poolshoogtes maar die epiese ontbreek tog ook nie. Ons sien die togangers aanstryk oor „ravieren” en „berghen”, leef mee met die uitgestane ontberinge en angste om water en as hul sonder resultaat, met uitsondering van ’n mooi kaart, op 19 Desember by die Kasteel terugkeer, vind ons die oordeel van die Dagregister tog wel hard „dat ’t werck niet met de vereyste debvoiren is behartigt.”

Tog is OLOF BERGH tot lid van die Politieke Raad benoem in 1686, miskien as beloning vir sy tweede reis, wat hy „in ’t jaer 1683 den 27 Augustij” afgelê het met meer sukses volgens die *Dagregister van de landtocht van de Caap de Goede Hoop, waren gedistineert naar de Tropikus Caprikornij*, hoewel hul ook nie verder as Doornbosch-Rivier (nou Groenrivier) gekom het nie weens die groot droogte en onbegaanbare passe. Die joernaal is gehou deur HENDRIK CLAUDIUS, afkomstig uit Breslau in Silesia, ’n vroeë pennis en tekenaar van groot betekenis.¹⁾

’n Medikus uit Batavië het CLAUDIUS na die Kaap gestuur, om daar plante en kruie vir hom te versamel. Maar daar hy soveel blyk van bekwaamheid gegee het, het die kompanjie blykbaar sy dienste so hoog gewaardeer, dat hul hom daar gehou het. Dit is van hom, wat die Fransman Père TACHARD wat op ’n reis van Siam in 1685 die Kaap aangedoen het, sy belangrikste inligtings kry. Die Jesuïetiese reisiger was getref deur die skoonheid en juistheid van die tekeninge van CLAUDIUS en druk ’n paar af in sy *Voyage de Siam*,²⁾ van die wat hy present gekry het. Hy is geïmponeer deur die verskillende reise na die noorde en die ooste, wat CLAUDIUS hom getroos

¹⁾ Vgl. *Introduction* p. XX—XXI, WATERHOUSE: *Simon van der Stel's Journal*.

²⁾ GUY TACHARD: *Voyage de Siam des Pères Jésuites*... Paris 1686, Amst. 1689.

het met die doel om sy versameling aan te vul. Op 'n volgende reis in 1687, het die kommandeur hom 'n merkwaardige plante-versameling laat sien en toegelaat, om daarvan vir sy *Second Voyage*¹⁾ te kopieër en TACHARD praat van CLAUDIUS as 'n geleerde vir wie se kennis die Jesuïet eerbied gehad het.

In die maand Julie, 1686 sien ons OLOF BERGH weer in die rigting van Kaap Agulhas vertrek na die wrak van die Portugese skip, *Nostra Signora de los Milagros*²⁾ wat die Kompanjie van die offisiere gekoop het. Aan boord was behalwe 'n groep Jesuïetepriesters, drie afgesante van die koning van Siam met geskenke bedoel vir die Koning van Portugal, LODEWYK IV van Frankryk en KAREL II van Engeland, maar die het later in die tuin van die raadslid tereg gekom. Toe BERGH in 1687 op Stellenbosch besig is om 'n oog oor die optrek van die Raadhuis te hou, het daar al gerugte begin rondgaan dat daar uit die Portugese wrak gesteel is. Ds. JOHANNES OVERNEY, die man wat so naartig geywer het vir die bou van die eerste kerkie, het vergeefs van die kansel af versoek dat dit moet uit wees met al daardie „bekekkelen”. BERGH is gearresteer en in die Kasteel gebring. Na 'n maand, 5de Mei 1686, beken hy en die kosbaarhede, waaronder twee goue pierinkies en 'n fles met muskus, word in sy tuin opgegrawe. Die luitenant-raadslid word na Robben-Eiland verban, na die verskrikkingsoord vir swarte sowel as blanke misdadigers in Kompanjiestyd.

Die volgende maand as 'n vyandelike Franse vloot Tafelbaai binneseil, word hy teruggebring na die vasteland, weer weggestuur na die vertrek van die vloot maar in September 1690 vrygeset op las van Here XVII.

Die familie BERGH — hy was met 'n gebore Afrikaanse dame, ANNA DE KONINK getroud — het na Ceylon vertrek met behoud van sy rang waar hul vyf jaar vertoef het tot die skindertonge 'n bietjie bedaar het en dan na die Kaap terug-

¹⁾ GUY TACHARD: *Second Voyage du Père Tachard et des Jésuites*.... Paris, Amst., 1689.

²⁾ Die hele verhaal van die skipbreuk is breedvoerig geskilder deur GUY TACHARD: *Second Voyage du Père Tachard et des Jésuites*.... Paris, Amst. 1689.

keer (1695). Die verbolgenheid van die goewerneur was ook gesak, BERGH word as kaptein van die garnisoen aangestel en hy betrek 'n mooi huis op die Heerengracht (Adderley Street) langs die kerk. Hy word weer benoem tot lid van die Politieke Raad (1697), weer toevertrou met 'n ruiltog (1699) en in 1709 en 1710 met sitting op die Raad van Justisie, toe die seun van die goewerneur wat hom tereggestel het, WILLEM ADRIAAN, aan die bewind van sake was en in moeilikhede verkeer het.

Op daardie tog „na de Sousequase en Gourisse Hottentots” in die buurt van Caledon en langs die Gouritzrivier, die volgelinge van die toe reeds oorlede SOUSOA, het JAN HERTOOG die baastuinier meegegaan sogenaamd om plantkunde te bestudeer, 'n Adelsbors van weinig opvoeding, „die insgelijk geseijt wort kennisse te hebben van allerhande in- en uijtlandsche gewassen, bijzonderlijk aengaende haere benaeming en culture, en voort van 't geene van een ordinaris kruytkenner kan werden gerequireert.”¹⁾

2. DIE BELANGRIKHEID VAN ONOFFISIËLE SOWEL AS VAN OFFISIËLE KAAPSE BRIEWE.

Die aantekeninge is waarskynlik nie deur BERGH self gemaak nie maar van hom het ons 'n briefie onderweg geskrywe „Aan den WelEd. manhaften en seer Generusen Heer WILHEM ADRIAN VAN DER STEL Raat Extraordinaris van India, Gouverneur aan de Caap de Goede Hoop Ende de Resorte van dien”, 'n interessante voorbeeld van die Hollands wat 'n Skandinawiër van geboorte na 'n byna veertigjarige dienstyd in 'n Nederlandse Kompanjie waarvan die helfte in Suid-Afrika deurgebring is, geskrywe het. Hy vertel van hul teenspoed met „onse ancker met assien” wat hy nie weet „offt ons in Hottentots Hollandt ontrent is off aan de Cuulen” en van hul waens wat „in die drieff van 't Eerste Rivier bij 't hoofste van den Borgerraet MONS HENNING HUIJSEN 't ongeluck hadden van twee assen te brecken van

¹⁾ GODÉE MOLSBERGEN: *Reizen* II p. 201.

onsse swaergeladene waagens." Om die reis voort te sit, was hul genoodsaak „Mons HUIJSEN aan te spreken om assistentie die ons een nuwe waagen met een nuwe ass by sette met conditie een dier gelijke in de plaets te krigen van de E. Compen." ¹⁾

Hy was heeltemal ingeburger maar die landstaal het hom dwarsgesit. Die enkele bewaargeblewe ongeridigeerde brief uit die sewentiende eeu is belangrik vir ons kennis van die spreektaal maar ook die offisiële brief het sy betekenis vir die taal- en letterkundige — dit is 'n brok nasionale letterkunde van die hoogste belang. ²⁾ In hierdie tydperk van die Renaissance het die brief literêre betekenis gekry. Die briewe van P. C. HOOFD behoort tot die belangrikste prosakuns uit ons tydperk. En later word dit selfs 'n letterkundige mode, om romans in briefvorm te skryf. As stukke, wat nie vir publikasie bedoel was nie, dra briewe 'n innig persoonlike kleur en is belangrike hulpmiddels, om die werk van afsonderlike skrywers beter te begryp. Die „Uitgaande Briewe", aan die Kaap geskrywe, was wel bedoel vir bekendmaking, hoewel dan ook tot in 'n sekere mate alleen in 'n beperkte kring, nl. die van die Bewindhebbers en die van die Classis Amsterdam wat die predikante uitgestuur het. Hul hoort dus heeltemal tot dieselfde genre as die reisbeskrywings, alleen meer gekonsentreer op 'n bepaalde onderwerp en met verswyging van allerlei onbetekende besonderhede. Die eerste briewe sowel aan Here XVII as aan die Classis Amsterdam, is almal in 'n geykte vorm; van die omgewing en geestelike sfeer van die skrywer van wat hom innerlik ontroer, merk ons weinig. Plotseling word dit anders, met die koms van die Franse vlugteling in 1688. Die gemoedere is in beweging geset, en met elke retoervloot gaan daar briewe na Holland, wat die klagte van 'n bepaalde groep met klem en vuur uiteensit of met ingehoue

¹⁾ Voorwoord, MOSSOP: *Joernale van Bergh en Schryver* p. 66. Oor HENNING HUIJSEN en sy „hoofste" Meerlust vgl. verderop. Oor die togte na die Ooste en Noorde vgl. ook C. GRAHAM BOTHA: *Some Early exploring Expeditions and Travels in S.A.*, Cape Town (1916).

²⁾ Vgl. SPOELSTRA: *Bouwstoffen I*, Inleiding.

woede weerlê. Die geykte vorm is daar nog, maar dan slegs aan die begin en slot, die stroefheid in die taal is weg. In die reisverhale is ook telkens 'n poging aangewend, om die eie saak so mooi as moontlik voor te stel, maar in die briewe kom die persoonlikheid van die skrywers of die kenmerke van die bepaalde groep, wat hul verteenwoordig, veel meer naar vore, omdat daar nou verskillende groepe teen mekaar gespits is. Die briewe uit die tyd van die VAN DER STELS veral kom ooreen met tydskrifartikels van later geslagte en dra ongeveer dieselfde epiese cachet as die joernale.

3. DIE JOERNAAL VAN DIE LANDTOG VAN SIMON VAN DER STEL.

Die reise van OLOF BERGH wat kaarte, tekeninge en interessante joernale opgelewer het, hoewel geen kopererts nie, het die deurslag gegee aan 'n grootse onderneming deur die goewerneur self.

In April 1685 was die Hoë Kommissaris HENDRIK ADRIAAN VAN REEDE TOT DRAKENSTEIN aan die Kaap en gelas VAN DER STEL, om self na die land van die Namaquas te trek, onderhandelinge met hul aan te knoop, die koperberge te soek en 'n rapport uit te bring oor die moontlikheid van eksplorasie van die erts. Van weinig betekende togte met primitiewe hulpmiddele onderneem, sien ons die ekspedisies langsamerhand aan belang toeneem, en die uitrustinge gaandeweg beter word. Die skilderagtige sewentiende eeuse skryfwyse word in elke joernaal weerspieël.¹⁾ So groot soos b.v. die verskil in omvang was tussen die onderneming onder WILLEM MULLER in 1655 met HERRY en nege soldate en enige ruilmiddels en die groots opgesette landtog van die goewerneur dertig jaar later, met byna sewentig persone en meer as vier keer soveel trekosse, so groot is die verskil in kulturele betekenis tussen die *Copie Daghregister* van MULLER en die *Dagh Register/gehouden op de voigagie/gedaen naer de Amacqua(s)*

¹⁾ Vgl. L'HONORE NABER: *Exploratie van Z.A. in de 17de en 18de Eeuw*. Tijds. van het Kon. Nederl. Aardrijkskundig Genootschap, 1916 p. 762—776.

*Land onder 't beleydt
van den E. Heer Symon
van der Stel. Commandeu[r]
van Caap de Goede Hoop.*

Die onbekende dagboek-houer — dit kon HENDRIK CLAUDIUS die „barbier” -botanis-tekenaar-joernalis gewees het — laat ons sien met watter prag en praal die stoet, bestaande uit ag-en-sestig persone, byna driehonderd draagosse, perde en esels, die koets van die goewerneur, waens, karre en ook 'n skuit, van die fort uitgelei is op 25 Augustus 1685 deur ses vryburgers tot aan die Olifantsriver en hoe hulle hul merkwaardige reis tot aan die Koperberg voortsit en tot 'n goeie end bring op 26 Januarie 1686.

SIMON VAN DER STEL op Mauritius in 1639 gebore, was 'n man vol lewenslus en energie wat hy alles in diens van sy aangenome vaderland verbruik het. Hy het tot die kringe van die deftige sewentiende eeuse regentefamilies behoort en deur sy skitterende huwelik met JACOBA SIX sy sosiale posisie nog versterk. Sy vader was Kommandeur ADRIAAN, sy moeder, MAIMONICA DA COSTA, was 'n Singalese en van haar het hy vermoedelik sy tikkie oosterse praalsug en heerssug geërwe maar daarby het hy ook gewoon vir sy tyd, as man van stand, sy pligte uitgevoer met heel wat grootheidsvertoen en sy rustyd op sy ou dag op Constantia geniet soos 'n edelman. Dit het in sy pragtige huis waar daar Rembrandts sou kon gehang het, want SIX was die vriend en patroon van REMBRANDT, te pas gekom dat alleen silwer skale in gebruik was¹⁾ en so hoort dit ook by sy persoonlikheid, by sy rang en stand, dat hy soos 'n vors op reis sou gaan.

Droogsaaklik som die onbekende opsteiler van die verhaal eers die aantal reisigers en hul hele toerusting op en ons sien hoe die trek langsaam voortgaan by Riebeeck-kasteel verby, die Bergrivier en die Vier-en-twintig riviere oor, tot waar

¹⁾ Vgl. JOHN OVINGTON: *A voyage to Suratt in the year 1689*. London, 1696. Hollandse vertaling getitel: *Reysen gedaen na Suratte en andere plaatsen van Asie en Afrika*, Amst. 1729. Hoofstuk XIII oor sy sewentiendaagse verblyf aan die Kaap en kennismaking met SIMON VAN DER STEL.

die Sonqua-huisies staan. Dan word dit interessanter. Net vyf van die rowertjies kry hul te sien, wat nogal op die vlug slaan en terug gelok moes word met 'n pyp tabak. Dan weet hul te vertel, dat 'n eland deur een van hul giftige pyle getref is en na die word nou gesoek. In skilderagtige prosa teken die joernaalhouer hul maer, uitgehongerde uiterlik, peil hul innerlike gewaarwordings van angs by die eerste ontmoeting, van dankbaarheid en wederkerige gulhartigheid daarna. Met pyl, boog en assegaai staan hul voor hom, sonder 'n kledingstuk, vee of enige aardse besittinge. Soos JOHANNES in die woestyn, lewe hul van heuning, sprinkane en die wild, wat dit hul af en toe geluk om neer te trek en soos 'n ongepleisterde muur, bloot gestel aan weer en wind sien hul liggaampies daaruit, maar „alhoewel dit menschen van geen opvoeding zijn, hadden zij echter de beleeftheid” om die goewerneur 'n weergeskenk vir sy geskenk te gee, vermeld die dagboekhouer. „Ondersoek alle dinge” skyn die leuse van ons reisigers te gewees het. Watter soorte bome daar groei, watter vis in die riviere hou, watter seldsame diere op die vlaktes ronddwaal, alles interesseer hulle, maar dis tog altyd weer die Hottentotte en Boesmans, wat die meeste belangstelling inboesem. So trakteer die joernaalhouer sy lesers op 'n beskrywing van die wrede gewoonte van die Gregriquas, om 'n dier lewendig te vil, die ribbe van die rugstring af te breek, die een vir een uit die vlees te skil en dit alles terwyl die skaap nog leef, om sodoende die bloed te behou, wat hul dan opkook en ook opeet. Letterlik word hier huidjie en muidjie verslind, want tot die vel toe word gebraai in tye van hongersnood. Nog armer is die Sonquas, wat van blombolle, uientjies, skilpaaie, rupse en sprinkane moet lewe. As die kommandeur hul op rys en brood onthaal en hul 'n slukkie brandewyn boonop gee, is hul die wêreld te ryk, sing, dans en skree van plesier „als een party hokkelingen die eerst van stal komen” — 'n goedgeslaagde beeld van die skrywer, waarmee hy hul dadelik tipeer.

Op die geboortedag van SIMON VAN DER STEL, 14 Oktober, is die geselskap reeds onder die Namaquas. Die dag, wat later so luisterryk met pappagaaiskiet en feeste op Stellenbosch, die dorp deur hom gestig en na hom genoem, omgegaan het, sou ook

by die Koperberg feestelik gevier word. Met die Namaquas is 'n vredesverbond gesluit, en OEDESON, die besitter van die Koperberg, sou hul self daarheen begelei. Met warme geneentheid vertel die skrywer, hoe daar „3 charges”, gevolg deur 'n kanonskot gevuur is, waarop de Namacquas met hul eenvoudige fluite die kommandeur met musiek kom vereer het, wat die woudgod Pan self sou ontroer het. Vir diegene wat 'n Hottentots-riël gesien dans het, vir alle liefhebbers van primitiewe musiek en volksdanse, sal hierdie gedeelte uit die joernaal die interessantste wees. Uit lang hol riete weet elke speler 'n besondere toon te lok, en die gesamentlike geluid klink vir die joernaalhouer soos „een groote en swaare galm als bij 't geluid van een orgel” — weer een van sy teekenende beelde. Onvergeetlik moes die indruk van die dans op die gehoor gewees het: „Zy stonden alle in 't rond, zynde wel 20 in getal, en in 't midden van hen een, hebbende in de hand een lang dun stokje. Deze zong voor en sloeg de maat, op 't welke zy allen net wisten te spelen. Zy sprongen allen in 't rond, hebbende de eene hand aan 't oor, en met de andere houden zy 't riet aan den mond. Rondom deze speellieden waren mannen en vrouwen, de welke op dit geluid dansen, vermeerderende het zelve met in de handen te klappen, 't welk alles zeer ordentlyk, naar dat zy wilde menschen zijn, toeging.” Hierdie spel het die ganse dag geduur, telkens afgewissel deur eet- en drinkpartye. Moeg maar voldaan, keer hul na hul huisies terug, as die rooi son agter die Koperberge wegsink.

Nou gaan die joernaalhouer oor tot meer saaklike mededeulings. Die Namaqua kapiteins neem afskeid, maar OEDESON gaan self saam tot by de koperberge, waar hul van die erts smelt, en vind, dat dit werklik koper bevat. Stukkies erts word los gemaak om saam terug te neem, maar vir ontginning in die kompanjiestyd was die myne te veraf en geleë in 'n gebied, wat deur die woestynagtige grond en gebrek aan gaanbare paaie, alleen met die grootste moeite en onkoste te bereik was. Tog laat die joernaalhouer ons sien, hoe die geselskap die kus probeer bereik, tot 'n nuwe moeilikheid opduik — die gidse OEDESON en 'n paar ander kapiteins weier, om verder

die pad te wys en probeer die geselskap met allerlei leuens op 'n dwaalspoor te help. Op 'n vraag, waarom hul skielik so onwillig geword het, kom die antwoord so tipies van die hele geslag, dat ons geneig voel om te glimlag as ons nie geweet het, dat hul die toon nie heeltemal sonder provokasie aangeslaan het nie. Hy lê hul in die mond, „dit de passagie na de zee niet te zijn, en dat hen 't hoofd zeer dede van meer te praeten, zoo dat zy, op 't geen hen gevraegd wierd, niet het minste meer wilden zeggen, en bleven dezen avond voorts t'eenemaal stom.” As daar die volgende dag paniek ontstaan deur die gerug dat alle vee sou meegevoer word, laat die aanvoerder 'n „wagen burg” slaan, die ou Germaanse gebruik, wat hier en in die boerelaers weer herleef het, en die twee veldstukkies word waterpas geplant, „voor 't welke zy met gansche troupes gingen neersitten, toonende hier mede hunne onkunde van der zelve kracht, over welk planten echter de Capiteyn zeer verbaast wierden, wetende niet wat zulks beduyden wilde.” Toe dit blyk hoegenaamd nie die bedoeling te wees nie om die vee buit te maak, word daar vriendelik melk en enige vee verruil en die geselskap uitgenooi, om daar te oornag. 'n Present van die goewerneur in die vorm van 'n fles arak het die ontstelde gemoedere eers tot rus gebring en daarna tot uitbundige vrolikheid laat oorgaan.

Telkens word die geselskap aan een of ander doodsgevaar blootgestel waaraan hul ternouernood ontsnap. Van al die voorvalle deur die joernaalhouer so plasties-reël uitgebeeld, span die bekende een by Piketberg met die renoster, wat op die kommandeur se koets afgestorm het, tog die kroon. Tientalle male het hy dit self aan sy kinders, aan vriende, aan gaste en reisigers oorvertel met die nodige gebare; van geslag op geslag is dit mondeling oorgelewer en selfs in 'n tydperk, wanneer die prestasies van die Oos-Indiese Kompanjie, die Hollandse tyd, in die vergeetboek diggeslaan was, het die verhaal nooit sy bekoring verloor nie. So raak, so lewendig is die oorspronklike beskrywing deur 'n ooggetuie, ons joernaalhouer, daar sit so 'n spanning en klimaks in, dat die beste stuk prosa uit die hele Register tog wel aanhaling werd is: „Ondertusschen vertoonde zich aan ons een Rhinocer, van

een ongelooflyke groote, die met een groote furie en quaadheid regt midden op onzen trein aanquam, daar hy langs liep tot agter toe, alwaar de Heer Commandeur met zijn kales stont, op welke hy recht toezettende, hebbende de Heer Commandeur quaalyk zoo veel tyds, om uit de kales te komen, springende daar evenwel uit met een donderbus in de hand, leide alzoo op den zelve, die geen zes treden van hem af was, aan, en meende vuur te geven; doch de donderbus weigerde, springende de aggerste rust op de voorste; doch het woedende dier, 't welk wy anders geen staat maakten, of het zou de Heer Commandeur, in ons byzyn verslonden hebben, liep hem raakende aan het lijf, voorby; en wy geloofden, dat het zelve van de schoot quam, die een van de Ed. Heer zyn wildschutten hem gaf; daarop liep het zelve voorts met een groote snelheid van ons. Verscheide anderen, die te paard waren gezeten, wisten het zelve al mede met te ontvlugten, verlaatende hunne paarden met een groote schrik, waar van zy op verscheide plaatzen zich bezeert hadden."

Renosterstories is in elke Afrikaanse reisverhaal te lees, maar seker nêrens so eenvoudig spannend, so sonder mooi-makery of vergroting of effekbejag vertel nie. Trouens in al die 17de eeuse dagregisters word ons getref deur die waarheids-sin van die skrywers. Baie selde word uit hul verbeelding gegryp, en die klein stukkie fantasie van VAN MEERHOFF in 1661 oor „een levendigh monster vernomen met 3 hoofden, gelijcq drie kattenhoofden en hadt drie lange staerten in 't water uytcomende niet wetende wat het voor een gedierte is geweest", kom so selde voor, dat dit juis daardeur in die oog spring. Die joernaal van SIMON VAN DER STEL is een brok werklikheid en 'n bewys dat die waarheid soms fantastieser dan die fantasie is.

4. DIE HUGENOTE EN FRANS IN SUID-AFRIKA.

Vreemdelinge soos PIETER VAN MERHOFF die Deen van Kopenhagen, OLOF BERG en HENDRIK CLAUDIUS, die Swede uit Gotenburg, WREEDE die taalkundige en Hottentot-woordeboek-

skrywer ¹⁾ 'n bietjie later die versamelaar van boeke en handskrifte JOACHIM VON DESSIN, albei van Duitse geboorte ²⁾, het hul stempel op die Hollandse kultuur in Suid-Afrika afgedruk. Hul was rasegte Germane. Maar die Hollandse aard met sy sin vir waarheid en realiteit, met sy nugtere kalmte en deursettingsvermoë sou in Suid-Afrika in die sewentiende eeu al aanmerklik gewysig word deur die toevloei van 'n groot aantal Franse, 'n Romaanse volk met meer beweeglikheid en verbeeldingskrag maar met minder standvastigheid as die stoere eerste koloniste. Die Oos-Indiese Kompanjie was 'n handelonderneming met 'n uitgebreide amptenaredom en kolonisasie het buite hul doel gelê. Maar die Kaap met sy aanwassende getal vryburgers het 'n uitsondering geword, sonder dat Here XVII egter sy beginsels van monopolie in die handel wou prysgee. Die goewerneur self, 'n uitstekende boer en 'n geweldige konkurrent later, toe sy plaas „Constantia”, „de schoonste en grootste van alle Kaapsze Vrylieden” was, het gekla, dat die vryburgers nie veel verstand van wynbou en olyweteelt gehad het nie. Die koms van die „Voorschoten”, „Oosterlandt”, „Zuid-Beveland” e.a. in 1688 met Franse vlugtelingen, wat die gevestigde boerebevolking kom versterk het, sou nie alleen hierin verandering bring nie, maar ook in die aard van die nuwe nasie. ³⁾

¹⁾ Sien p. 77.

²⁾ Populêre oorlewering aangaande die versameling van VON DESSIN is geboekstaaf in: *State of the Cape of Good Hope in 1822*; by a civil servant (C. BIRD) London 1823 p. 151—152.

³⁾ Die volgende artikels en werke is o.a. geraadpleeg oor Frans in S.A.:

JOHN OVINGTON: *A Voyage to Suratt in the year 1689*. London, 1696.

FRANCOIS LEGUAT (in die Hollandse vertaling): *De Gevaarlyke en zeldzame Reyzen van den heere Leguat 1690—'98*. Utrecht 1708.

ABRAHAM BOGAERT: *Historische reizen door d'Oostersche Deelen van Asia*. Amst. 1711.

ABBÉ DE LA CAILLE: *Journal Historique du Voyage fait au Cap de Bonne Espérance*, 1763. Paris 1776.

JOHN BARROW: (in die Hollandse vertaling): *Reizen in de Binnenlanden*

Hulle was manne wat vir 'n vryheidsideaal heelwat feil gehad het, van 'n bietjie meer ontwikkeling as die Hollandse vryburgers maar in hul kern niks anders as landbouers nie, geen geleerdes, geen aristokrate met titels en wapens nie soos soms met misplaaste familietrots voorgestel word. Nugter beskou, niks anders as vreemde bywoners op die plaas van die Rykman wat hul goedgunstiglik ontvang het en na wie se oë hul moes kyk. Dit is ewig-menslik dat hul na „droefheid en ellende” in die vaderland, hierdie toestand dankbaar aanvaar het maar as die ergste ongemakke gely is, nie altyd van ondankbaarheid teenoor hul weldaders vry te pleit is nie. Dit is ook algemeen-menslik dat die saamhorigheidsgevoel in die vreemde versterk word en dit lê voor die hand dat die groep hom vir die behoud van taal en tradisie aan sy eie predikant en eie „meester”, die elemente wat die sorg dra vir die geestelike goedere van 'n volk, sou wou vasklamp.

In 1690 was die aantal Hugenote sowat honderd-en-vyftig, versprei tussen die ander koloniste in die distrikte van die Kaap en Stellenbosch, en veral langs die Bergrivier en die Drakenstein, maar van die aansienlike getal is dit alleen die verdienstelike predikant PIERRE SIMOND, wat troos soek in die skryfkuns en hom aan 'n nuwe bewerking van die Psalme wy onder sy drukke werksaamhede. Hierop het die Franse kerke in Europa met belangstelling gewag en as hy in 1701 sy ontslag vra, om na Europa terug te keer, is dit om hierdie werk aan die Waalse Sinode voor te lê. Hy het „une force morale, et aussi une force intellectuelle” hier verteenwoordig.¹⁾ Van ander geskrifte in hul eie taal het daar bitter weinig spore oorgebly, 'n paar jaargange Kerkraadsnotule, 'n enkele briefie of kwitansie en daarmee is dit uit. Baie van hulle het

van het Zuidelyk gedeelte van Afrika in de Jaren 1797 en 1798.
Haarlem 1803.

H. DEHÉRAIN: *Le Cap de Bonne Espérance au XVII^e Siècle* (1909).

Prof. J. J. SMITH in *De Goede Hoop*, Nov. en Des. (1915).

C. GRAHAM BOTHA: *The French Refugees at the Cape*. Cape Town (1919).

Dr. J. L. M. FRANKEN: *Huisonderwys aan die Kaap (1692—1732)*. *Die Huisgenoot*, Aug. 1932.

¹⁾ Vgl. DEHÉRAIN: *Le Cap de Bonne Espérance oor L'extinction de la langue française au Cap.*”

in Suid-Afrika aangekom met 'n kennis van Hollands, daar hul reeds 'n tyd lang in Holland vertoef het. Maar hul het behalwe hul eie predikant, ook 'n eie „meester”, PAUL ROUX van Orange, gehad as „voorleser”, wat in November 1688 al in diens getree het in die Drakenstein en die pos beklee het tot sy dood, 7 Februarie 1723. Gesteun hierdeur, het die Franse hul aanvanklik verset teen versmelting met die res, en die ingesetenes van hul kant, reeds dertig jaar ingeburger, het agterdog gekoester vir die nuwelinge, wat boonop nog bevoorreg word met landbougereedskap, 'n neersetting in die vrugbaarste gedeelte van die Hollandse kolonie en hul eie taal wil behou. Wrywing was onvermydelik.

In November 1689 vaardig die Hugenote-neersetting 'n deputasie met SIMOND as leier af, om by die Goewerneur en Raad aansoek te doen vir eie kerklike gemeente en 'n eie kerkraad. Uit die *Resolutien* blyk dat die Goewerneur gedurende die debat ongeduldig en onbillik gepraat het van „enige franse gewaande vlugtelingen, dewelke onder schyn van den geloovsdwang hares konings t'ontgaan, haar na dat 's sig liet aansien, uyt Vrankrijk elders heen en voornamelijk na Holland hadden begeeven, ten einde om onder den dekmantel als yveraars ledemaaten en voorstanders van 't Protestantsche geloov een Leuij en vadsig leven te leiden”. Nou wil hul 'n eie kerklike gemeente hê, later seker „hun eigen Magistraat, Opperhoof en Prince van den Landde te kies en hun also de gehoorsamheid die-se an d'E.Comp. schuldig zyn waren t'onthrekken.”

Die deputasie word met 'n skrobbering huistoe gestuur en gewaarsku, om nie weer sulke impertinente aansoeke te doen nie.

Here XVII het milder opgetree. In Desember 1690 kom die antwoord, dat die Drakensteiners 'n eie kerklike gemeente kon kry, op voorwaarde, dat die „kerkenraad” sover as moontlik tweetalig moes wees. Die Stellenbosse en Drakensteinse „meesters” moes die Hollandse en Franse kinders saam onderrig, en daar moes veral op gelet word, dat „die kinderen van fransche ouders gebooren voor alle de Nederduytsche tale te doen leeren, lesen en verstaen, om door dat middel onse natie te meer te werden ingelijft.” Hul volg dus die gedragslyn van geleidelike verhollandsing maar sou tien jaar later van

taktiek verander. In 1701 tree Here XVII ineens kras op en verbied die openbare gebruik van Frans in die kerk en op skool. In 'n uitgaande brief aan die Amsterdamse Kamer, 20 Maart 1702, word met instemming geantwoord, „dat door het gebruik van de Nederlandse taal in de kerk en schoole aldaar, de franse spraak onder de inwoonderen van die gemeente in ongewoonte komen, en vervolgens metter tijd soo doende gemortificeert werde; dat ookte bekwamer sal konnen geschieden, door dien aldaar geen franse scholen zyn.”

Maar twee-derde van die Drakensteinse gemeente kon nog nie 'n preek in Hollands volg nie en gevolglik word verskillende petisies na die Goewerneur opgestuur, om vergunning te kry, dat ds. BECK van Stellenbosch — PIERRE SIMOND is intussen weg en Drakenstein het onder die jurisdiksie van Stellenbosch geval — sou toegelaat word, om in hul moedertaal te preek. Dit kon die Bewindhebbers „niet goetvinden te consenteeren”, maar laat die saak in hande van die Goewerneur, „om hierinne te doen en laeten, soo als UE. ten meeste dienst van de Comp. sullen oordelen te behooren.” Die Goewerneur, WILLEM ADRIAAN VAN DER STEL, het geoordeel, dat vir g'n handelsman ter wêreld die gebruik van twee tale in sy saak nog ooit 'n voordeel was nie (en hy was in die posisie, om die gevoelskant van die saak te verontsaam) en dat dit nooit uitgesluit was nie dat die vlugtelinge by hul landgenote sou aansluit in geval dat 'n vyandelike Franse vloot Tafelbaai binneseil.

Die petisies hou aan, maar as in 1709 die predikant en kerkraad opdrag kry, dat in vervolg alle briewe en nominasies van kerkraadslede in die Hollandse taal moet ingedien word, is die eerste ongelyke taalstryd op Afrikaanse bodem afgeloop. In 1718 hoor ons nog, dat die Franse godsdiensoefening na afloop van die Hollandse sou begin, „al waar het ook voor een of twee menschen”; in 1719 kry die Franse skoolmeester FRANCOIS LOUIS MIGOULT, wat eers huisonderwys in die Drakenstein gegee het, permissie, om 'n skool in Kaapstad te open, „om de jeugt in de Nederduytsche en *franse* taalen mitsgaders in de christelyke Religie te instrueren”; in 1730 kry PAUL ROUX se seun, JEREMIAS, dieselfde reg, maar 'n

moontlike tweetalige land was van die aanvang uitgesluit. Die vertrek van PIERRE SIMOND het die proses van uitsterwe van die vreemde taal verhaas. Daar was niemand, om hom op te volg nie. Van FRANCOIS LOUIS MIGOULT, die drietalige skoolmeester, wat as soldaat in 1713 aangekom het en in diens getree het as huisonderwyser, vermeld die *Inventarissen* van die Weeskamer 1724, dat sy boekery en papiere bestaan het uit „wat pampieren zijnde teekenings en cyferings, strekkende tot myn broodtwinning, een party boeken, duyts en Frans daar onder een Nieuw Testament met d'handt geschreeven”. Wat sy kennis en skryfkuns betref, in vergelyking met die van sy kollegas, was hy dus 'n moontlike leier, maar hy was te verslaaf aan die drank en die kaartspel, om iets anders as 'n publieke skandaal in die Drakenstein te word en dit was buitendien reeds te laat. „L'extinction du francais . . . a été complet.”

In aanmerking geneem, dat die Franse 'n klein minderheid van nie meer as 'n sesde van die boerebevolking en 'n agste van die hele bevolking uitgemaak het nie, dat hul feitlik as berooides in diens van die Kompanjie gekom het, en vir alles van hul heer en meesters afhanklik was, dat sommige daarby reeds 'n kennis van Hollands in Holland self opgedoen het, dat in 'n kommersiële ooreenkoms geen plek vir die gevoelskant van die saak is nie, kan ons die onderdrukking van die taal motiveer. Heeltemaal onvermydelik lyk dit uit die staanspoor uit, dat die Franse sou opgelos word in die boerebevolking en dat hul taal volkome sou uitsterf, sodat alleen 'n paar plaasname, 'n paar familiename, 'n enkel woord in Afrikaans, sonder om veel spore van invloed op die ontstaan van Afrikaans na te laat, die herinnering daaraan bewaar dat daar eenmaal 'n Romaanse groep aan die Kaap gekom het.

Hoewel die Franse vlugteling 'n steen in die muur van ons kultuurgeskiedenis gemessel het, die boustyl beïnvloed het, het die tradisie gedeeltelik uit godsdienstige oorweging, gedeeltelik deur van buite aangekweekte sentiment met die onbewuste bedoeling om ons van die Dietse lande af weg te oriënteer, hul betekenis gaan oordryf ten koste van die eerste en belangrikste neerseters, die Germaanse.

HOOFSTUK III.

„HOE ZOET EN LIEFLIJK IS 'T, DAT BROEDERS IN EENDRAGTIGHEID T' SAMENWOONEN”.

1. DIE KAAPSE KOLONISTE IN TWEE GROEPE VERDEEL.

In die Kaapse gemeenskap was daar in die begin van die agtiende eeu twee sterk groepe, nl. die amptenare en die boere waarby kon gereken word 'n groepie vryburgers wat hul met ander bedrywe behalwe die landbou besig gehou het soos messelaars, timmerlui en herbergiers.

Onder die regering van SIMON VAN DER STEL het die uitbreiding van die volksplanting so'n stoot vooruit gekry dat toe sy seun, WILLEM ADRIAAN, hom in 1699 opvolg, die stigting reeds tot 'n kolonie in die ware sin van die woord ontwikkel het. Maar dit was 'n kolonie van losse bestanddele waarin gedurig getwis en rusie gemaak word wat die taak van WILLEM ADRIAAN veel moeiliker as die van sy vader gemaak het.

Hy het voor 'n probleem gestaan, wat ARISTIDES die Regverdige en SALOMON die Wyse moeilik sou opgelos het, en daarby het die beste hoedanighede van sy groot voorganger by hom ontbreek en die slegte, soos die driftigheid, heers- en hebsug, het hy in veel groter mate besit. Hy word die gemeenskappelijke vyand, die louterende element wat telkens noodsaaklik skyn om die losse groepies, versprei oor die uitgestrektheid van Suid-Afrika, saam te smelt.

Maar seker is dit, dat die VAN DER STELS en die amptenargroep in ontwikkeling en beskawing hemelhoog bo hul beskuldigers gestaan het. Dis belangrik om te onthou, dat JOHANNA JACOBA SIX, die eerste vrou van SIMON, 'n suster

van die beroemde burgemeester JAN SIX, die vriend en patroon van REMBRANDT was. Ons weet ook, dat hul 'n groot liefde vir musiek gehad het en vir die sang- en musiekonderwys van hul kinders aan die Kaap gesorg het. ¹⁾

Daar is op groot skaal 'n begin gemaak met die pragtige oud-Hollandse boustyl wat onder ANTON ANREITH en LOUIS THIBAUT sy toppunt sou bereik. ²⁾ „Constantia”, „Vergelegen”, „Zandvliet”, „Elsenburg” verrys, waar eeue lank slegs Hottentot strooise skuiling verskaf het aan die rondtrekkende „wilden”. Die sekretaris van die Weeskamer, NICOLAAS VAN DESSIN lê sy skitterende versameling handskrifte en boeke en historiese gedenkwaardighede aan, sy mede-amptenaar, die sekretaris DE GREVENBROEK, is besig aan 'n beskrywing van die Hottentotte in die internasionale taal en bring sy vry ure deur met die verfkwas en die doek. ³⁾ WILLEM ADRIAAN vervaardig sy almanak met allerlei belangrike vergelykende aantekeninge tussen Hollandse en Kaapse toestande, waaruit sowel sy kennis van die nuwe landsomstandighede wat die ervaring hom geleer het as sy fynproewerssmaak in groente en blomme blyk. ⁴⁾ Die predikant PETRUS KALDEN loop met planne in sy kop rond om 'n sierlike kerkgebou op te trek en 'n Hottentot-woordeboek op te stel. Ons kan dus al praat van letterkundige lewe, hoog beskaafde kringe, kultuurlewe in en om die Kasteel, wat aan uitbrei is na die platteland, na die groot boerderye van die amptenarehereboere.

Daarteenoor staan die vryburgers, die pioniers wat met die graaf omgegaan het, in die harde praktyk van die Afrikaanse boereskool gestaan het. Hul gees is geskerp deur voortdurende stryd met die elemente, dit het hul selfstandig leer optree maar weens gebrek aan behoorlike skoolopleiding, aan die

¹⁾ Sersjant JERING het die oudste seun van WILLEM ADRIAAN op die fluit leer speel. Vgl. Dr. J. L. M. FRANCKEN: *Huisonderwys aan die Kaap* (1692—1732). *Die Huisgenoot* 1932, 5 Augustus, p. 55.

²⁾ Vgl. C. DE JONG: *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop 1791—1797*. 3 dele Haarlem, 1802—1803, p. 139.

³⁾ Sien verderop.

⁴⁾ Hs. in die van Dessin-versameling, Openbare biblioteek, Kaapstad.

noodsaaklike „dressering” was hul dikwels eiewys, wars van alle menging in hul sake, vol klagte teen diegene wat die plaaslike gesag moes uitvoer. Die skuld het by Here XVII self gelê wat die opvatting dat monopolie die grondslag van die handel is nooit wou prysgee nie. Van die eerste vryburgers af het daar al klagte ingekom teen die monopolie-stelsel en die het aangewas na mate die amptenare weens die groot afstand van Patria hoe langer hoe meer alle kontrole gaan ontduik het. Die beskuldiging het gewoonlik in die eerste plek teen die hoër-amptenare gegaan maar ook teen diegene wat hul bygestaan het, wat in die geestelike behoeftes van die koloniste moes voorsien, die predikant, die sieketrooster, die meester of „dominie”. Die plek waar die onweerswolke die dikste saamgepak het was Stellenbosch en sy omstreke.

Sedert 1683 was daar reeds 'n skoolmeester, SYBRAND MANKADAM, besig om nie soseer wetenskaplike kennis as die grondbeginsele van die Christelike godsdiens aan die kinders van vryburgers mee te deel. Hy moes die siekes besoek en elke Sondag voorlees want die aanstelling van 'n skoolmeester was ook die begin van die kerk. Die amptelike erkenning van kerkraadslede kom eers drie jaar later. In die jaar voor die koms van die Hugenote word daar die eerste kerkie in Suid-Afrika, waarvoor SIMON en die Kaapse predikant ds. JOHANNES OVERNEY soveel gearbei het, plegtig ingewy. As die nuwe goewerneur in 1699 aan die bewind van sake kom, is die Stellenbosse kerkorganisasie kompleet. Op kultureel gebied beteken dit dat naas die offisiele stukke, wat in die Kasteel opgestel word in die nuwe gemeente ook korrespondensie gevoer word, notule gehou word, en allerlei geskifte tot stand kom. Die predikant, 'n ontwikkelde man, gewoonlik die enigste in die gemeente wat 'n degelike opvoeding in Holland geniet het, is die skrywer. Dit is 'n taak wat gedurende die grootste gedeelte van die 18de eeu in alle gemeentes byna uitsluitend deur hom vervul word. Van die eerste predikant van Stellenbos ds. HERCULES VAN LOON, wat vier jaar na sy aanstelling op tragiese wyse 'n end aan sy lewe gemaak het, 1705, het ons net 'n paar briewe en die notule van slegs drie kerkraadsvergaderinge. Hierdie kerknoutule, waarvan onge-